




2019 Suzuki Jimny 1.5 GLX A/T
58-jarige man

Premie
R568 p.m.
OUTbonus R2 124



2020 Toyota Hilux 2.8 GD-6 RB Raider
54-jarige man

Premie
R681 p.m.
OUTbonus R2 547



2019 Toyota Fortuner 2.4 GD-6 R/B A/T
47-jarige man

Premie
R740 p.m.
OUTbonus R2 767



2017 Ford Ranger 2.2 TDCi XL
38-jarige man

Premie
R804 p.m.
OUTbonus R3 007

...en as ons nie jou motorversekeringspremie kan
klop nie, kan jy vra vir R500 en as jy die afgelope drie
jaar by dieselfde versekeraar was en nie geëis het nie,
vra vir R1500 en...

sms "jagter" na 31495 | skakel 08 600 60 000



Waar jy altyd
iets uitkry.

OUTsurance is 'n gelisensieerde versekeraar en FDV. Premies is afhanklik van die risikoprofiel en word jaarliks hersien gebaseer op die risikoprofiel en ekonomiese faktore. Die OUTbonus word uitbetaal na drie eisivrye jare, is gebaseer op jou premie en is ingesluit in jou standaardvoordele. Die OUTbonus-waarde is die geprojekteerde OUTbonus aangedui in huidige waarde terme. B's en V's geld. Oproepe: standaardtariewe geld. SMS: 50c. OP20/0757/A

NOSTALGIE
EERSTE EN
LAASTE
OLIFANTJAG



GEWEERRESTOURASIE
MUSGRAVE
RSA VRYSTAAT-
MODEL .270 WIN



JAGVERTELLING
KOEDOEJAG
OP MY
VERJAARDAG



Die tydskrif vir die jagter en bewaarder/The magazine for the hunter and conservationist

JAGTER

SUID-AFRIKAANSE • SOUTH AFRICAN

HUNTER



CARTRIDGES

THE .450 NO 2
NE - FEW, BUT
DISTINGUISHED
COMPANY

KOEËLKEUSE

DIE LANK EN
DIE KORT VAN
SEKSIONELE
DIGTHEID

JAGSTORIES

★ **DIE MISVERSTAND**
★ **'N LES IN**
BOSVARKJAG

BOOGTOERUSTING

HOE KIES EK
'N JAGBOOG

BULLET
DEFLECTION
PART 1

THE LEOPARD
CATCHER

UITGAWE
SEPTEMBER-OKTOBER 2020

NO. 10164
RSA R65.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N\$65.00



9 770259 935002

Trijicon

Brilliant Aiming Solutions™

ECM ECM Technologies

CONTACT US FOR YOUR NEAREST DEALER:
Tel: 012 329 4116 • sales@ecmtech.co.za

ABSOLUTE ACCURACY. EVEN WHEN YOUR HEART'S

BEATING OUT OF YOUR CHEST.

Every riflescope in our whitetail hunting line follows in the footsteps of our most proven, battle-tested products. Otherwise, it wouldn't be a Trijicon® riflescope. Expect absolute precision, brilliant clarity from sunup to sundown, and extreme durability so you can hunt with confidence.



NEW

Trijicon Huron



NEW

Trijicon Credo™ HX



Trijicon AccuPoint®



See all Trijicon® products and more on:
www.ecmtech.co.za

INHOUD



WEBTUISTE
www.sajagterhunter.com

REDAKSIE

REDAKTEUR: Johan van Wyk
johan@sahunter.org
Johan.vanWyk@media24.com
SUBREDAKTEUR: Marisa Beeton
(Taalversorging en webblad)
marisa@sahunter.org
Marisa.Beeton@media24.com
UITLEGKUNSTENAAR: Marthie van Dyk
marthie@sahunter.org
Marthie.vanDyk@media24.com
ADVERTENSIE-ONTWERP:
Malinda Craythorne
Malinda@sahunter.org
Malinda.Craythorne@media24.com
KANTOORBESTUURDER:
Maphuti Mongatane (Navrae/Administrasie)
Maphuti.Mongatane@media24.com
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058
MEDEWERKER:
Herman Jonker
Francois van Emmenes
Cassie Nienaber
Prof. Brian Reilly
Rean Steenkamp

ADVERTENSIES

BESIGHEIDSBESTUURDER:
Dirk Lamprecht
Dirk.Lamprecht@media24.com
ADVERTENSIEKONSULTANT:
Jacques Boshoff 012-485-9357/079-528-8793
Jacques.Boshoff@media24.com

NAVRAE EN INLIGTING

INTEKENARE:
Tel: 087-353-1300/Faks: 086-296-6681
SMS: 32361
E-pos: subs@media24.com
SAJWV-LEDE: Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300/E-pos: michel@sahunt.co.za
RAKVERKOPE: Armand Kasselmann
Tel: 021-503-7164/E-pos: armand@onthedot.co.za



MEDIA24 WEEKLIKSE TYDSKRIFTE

HOOFBESTUURDER: Minette Ferreira
UITGEWER: Theuns Venter
ADMINISTRASIE: Johan Terblanche
SIRKULASIEHOOF: Johan Sadie
KATEGORIEBESTUURDER SIRKULASIE:
Armand Kasselmann
INTEKENARE: Elmarie Eygelaar
HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE: Ishmet Davidson
HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE: Jameelah Conway



DRUKKER:
Novus Print, 10 Freedom Way,
Marconi Beam, Milnerton, 7441.

UITGEGEE & VERSPREI:

Media24 (Reg. no. 05/038385/06),
Heerengracht 40, Posbus 2271,
Kaapstad, 8000



© Kopiereg SA JAGTER/HUNTER. Alle regte voorbehou.
Menings van medewerkers, rubiekskrywers en korrespondente
word nie noodwendig deur SA JAGTER/JAGTER onderskryf
nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te ver-
ander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreek-
likheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasië of gun-
stige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestem-
mings vir gratis jagte of produkte nie.



OP DIE VOORBLAD
HOOFFOTO: Johan van Wyk.
LEEUFOTO: Solette Lubbinge.

RUBRIEKE

- 4 PADLANGS
- 6 BOSPOS
- 7 KOMPETISIE
- 8 SNELVUUR



- 10 DOOIERUS – SIEKTE
- 48 BOKSPOG

SAJWV

- 46 COVID-19 EN DIE INVLOED DAARVAN OP SAJWV-LEDE
ANDRÉ VAN DER MERWE

PRODUKVERSLAG

- 56 BLY GEHIDREER MET DIE SLIM HYDRO BACKPACK
JACQUES BOSHOF

ARTIKELS

- 12 **THE .450 NO 2 NE – FEW, BUT DISTINGUISHED COMPANY**
This cartridge is as deadly as it was in Nyschens, Taylor and Selby's time.
JOHAN VAN WYK
- 18 **HOE KIES EK 'N JAGBOOG?**
Wenke wat jou help om die regte boog te koop.
REAN STEENKAMP
- 24 **BULLET DEFLECTION – PART 1**
Separating facts from speculation when shooting through obstructions.
GRAEME WRIGHT



- 30 **DIE MISVERSTAND**
"Dit het soos die Boereoorlog geklink..."
DIRK STEYNBERG
- 34 **EERSTE EN LAASTE OLIFANTJAG**
Daardie nag by die olifant sal ek nooit vergeet nie...
GERBIE STRYDOM
- 36 **DIE LANK EN DIE KORT VAN SEKSIONELE DIGTHEID**
Wanneer lengte, gewig en spoed regtig saak maak...
JOHAN VAN WYK
- 40 **MUSGRAVE RSA VRYSTAAT-MODEL .270 WIN – SOOS 'N FENIKS UIT DIE AS**
Nuwe lewe vir 'n ou Musgrave.
ARMAND STEENKAMP
- 43 **THE LEOPARD CATCHER**
An almighty roar that strikes fear into man and beast.
WIKUS JORDAAN
- 50 **KOEDOEJAG OP MY VERJAARDAG**
'n Geskenk om altyd te koester.
PAUL VERWEY
- 53 **'N LES IN BOSVARKJAG**
'n Bosvark laat hom nie somer jag nie.
PIETER VAN AARDT



JOHAN VAN WYK

Daar kan geen twyfel wees dat feitlik die hele Suid-Afrika 'n groot sug van verligting gegee het toe pres. Cyril Ramaphosa op Sondag 16 Augustus aangekondig het dat die land na vlak 2 van inperking geskuif word. Nie net was tabak en vuurvog weer (wettig) beskikbaar nie, maar vir ons as jagters was die implikasie dat ons weer aan ons geliefkoosde tydverdryf kon deelneem. Veral vir wildboere was dit ook die teken dat hulle vir oulaas hierdie jagseisoen kon probeer opmaak vir die enorme verliese wat die Covid-19-pandemie in die jagbedryf teweeggebring het.

DIE EINDE VAN DIE BEGIN

Ek self was baie verlig om die nuus dat ons na vlak 2-inperking geskuif word te hoor, en alhoewel daar bitter weinig van my eie jagplanne vir 2020 gekom het, het ek darem een keer die kans gehad om saam met goeie vriende om die kampvuur te sit en deur die kruisdraad te kon loer in die vroegmôre Karooukoue. Vir hierdie geleentheid was en is ek baie dankbaar.

Met die Covid-mis wat stadig besig is om te lig, is dit nou belangrik om weer aandag te gee aan dinge wat ons so ietwat agterweë gelaat het die afgelope paar maande. Gedrukte media het ongelukkig nie ongeskonde uit die Covid-storm gekom nie, en soos baie ander tydskrifte moes ons hier by SA JAGTER/HUNTER ook maar die gordel 'n bietjie stywer trek in hierdie ongewone tye. Die resultaat is dus dat ons mekaar slegs agt

keer per jaar rondom die tydskrif se kampvuur sal ontmoet en nie meer elke maand nie. Ten einde op te maak vir die verminderde uitgawes sal daar egter meer inhoud in elke tydskrif verpak word, so daar sal steeds genoeg "vuurmaakhout" wees om die vuur aan die brand te hou tussen uitgawes.

Nuwe bloed is belangrik vir enige bedryf, en die kompetisie wat ons loods met hierdie uitgawe (blaaie na bladsy 9 vir die besonderhede) vir jonger skrywers het nie net ten doel om nuwe talent te ontdek nie maar ook om die nodige passie te ontken by diegene wat nog nie oormatige grys in hulle baarde het nie maar tog ook graag jag en hou van vuurwapens. Ek hoop van harte dat die skryfgogga sommer 'n hele klomp nuwe skrywers sal beetpak.

Alhoewel ons 'n keerpunt in

die stryd teen Covid-19 bereik het, is dit nou meer as ooit belangrik dat ons steeds alles in ons vermoë moet doen om verantwoordelik op te tree en die gewraakte virus die finale nekslag toe te dien. Soos Winston Churchill na die veldslag van El-Alamein (wat die eerste groot bloedneus was vir die Duitsers in die Tweede Wêreldoorlog) gesê het: *"It is not even the beginning of the end. But it is, perhaps, the end of the beginning"*. Die virus en sy nagevolge gaan inderdaad nog vir lank met ons wees, maar die einde is in sig en daar is rede om positief te wees! Wees veilig!



REPLAY MAGNUM IGT

NEXT LEVEL POWER AND PERFORMANCE



10X GEN2 INERTIAL MAGAZINE

Gamo's New Multishot GEN2 Inertial Magazine has been designed to offer an improved reloading experience. The redesign of its internal mechanism allows easier pellet indexing, minimizing inner frictions and providing an extremely smooth operation, increasing the lifespan of the rifle and guaranteeing an optimal shooting experience.



SMOOTHER OPERATION AND IMPROVED ACCURACY

- Available in;
4.5 calibre, generating near 36 joules
5.5 calibre, generating near 42 joules
- Ambidextrous stock
- Scope Rail
- Front sight cover
- Macrometric sight
- Whisper noise reduction
- Multishot, 10 round magazine
- SWA Recoil pad
- CAT Trigger

BOSPOS

Sê jou sê

E-pos na marisa@sahunter.org of Marisa.Beeton@media24.com

WENBRIEF

OBERNDORF MAUSER-JAGTOG

Pierre Pretorius se brief *Klassieke wapens* (SA JAGTER/HUNTER, Mei 2020) het my herinner aan 'n jagtog met twee A-tipe Oberndorf Mauser-jaggewere gedurende 2011 in die Vaalwater-omgewing. Herlaai vir en jag met hierdie klassieke gewere het my baie plesier gegee.

Die 10,75x68 was in sy oorspronklike, maar 'n baie gebruikte toestand met amper geen blou meer op die metaal nie. Die 6,5x58 (6,5 Portugees) se aksie was geboor en getap vir teleskoop-montering. Volgens hul reeksnommers is die gewere in die 1930's vervaardig.

Die 10,75 het my op die skietbaan verbaas. Op 50m, met ystervisiere en vanaf 'n dooierus, het die gate wat deur drie 350gr Woodleigh-koeëls gemaak is, mekaar op die teiken geraak. Die 6,5 Portugees se groepering op 100m, met teleskoop, dooie-

rus en 140gr Nosler Partition-koeëls, was 'n rapsie oor 'n duim. Die doppe vir die 6,5 Portugees is gevorm vanaf .30-06-doppe met 'n RCBS-dopvormmatrys. Die nekke van die doppe is geskil na 'n uniforme dikte.

My kollega, Jacques du Preez, het die jagtog meegemaak. Hy is nie 'n jagter nie, maar ek het groot waardering vir sy vaardighede as wapendraer en rondom die braaivleisvuur! Op dié spesifieke dag tydens die jagtog het Jacques die 10,75 gedra en toe ons 'n troppie blouwildebeeste gewaar, het ek die 6,5 Portugees met hom geruil. Ek het beduie dat hy moes wag terwyl ek en die gids vorentoe kruip.

Ons was gelukkig genoeg om naby die blouwildebeeste te kom. Ek het stadig agter 'n bos opgestaan. 'n Bul wat plankdwaars gestaan het, het die skoot op die blad gekry. Hy het laat spaander, maar nie ver gekom nie en geval dat die stof so staan. Die gids het gemaan om reg te wees vir nog 'n skoot, sou die bul opstaan, maar dit was nie nodig nie.

Ook tydens die jag het ons rooibokke bekruipt. Hulle kon ons nie mooi sien nie, want die son het pas opgekom en reg in hul oë geskyn. Die 6,5 Portugees se reputasie vir uitstekende penetrasie blyk waar te wees, want ek kon ek nie 'n koeël herwin uit die rooibok nie. Ook nie uit 'n vlakvark nie.

Ek besit nie meer hierdie gewere nie. Kursusse aan universiteite se mediese fakulteite is lank en duur, maar gelukkig het die kinders nou afgestudeer. As nog 'n Oberndorf Mauser oor my pad kom, sal ek nie huiwer

nie. Hierdie klassieke gewere smeeke steeds om geneem te word na waar hulle hoort – die jagvelde van Afrika!

JOE VAN RENSBURG

** Joe wen die R1 000-geskenk-
bewys van Safari Outdoor.
Baie geluk!*

STEEDS REDE OM POSITIEF TE BLY!

Dit is enersyds met ontsteltenis en andersyds 'n mate van hartseer dat toegewyde pogings agter die skerms om bestaansjag onder vlak 3-inperking toe te laat, in die wiele gery kan word soos byvoorbeeld die geval van vier jagters wat met aankoms tot 26 gegroei het (*Snelvuur*, SA JAGTER/HUNTER, Augustus 2020). Nie net is dit uiters ongepoets en onverantwoordelik teenoor die gasheer nie, maar ook baie selfsugtig teenoor die gehoorsame jaggemeenskap waarvan vele persone baie sal opoffer vir daardie broodnodige paar dae in die wye ooptes. Baie van ons se batterye smag tans om herlaai te word rondom 'n vuurtjie in 'n jagkamp.

Daarenteen is daar ontsaglik waardering vir die Sutherlandse SAPD en munisipale kantoorbestuurder wat dit moontlik maak dat ons maandeliks die plaaslike munisipale skietbaan kan benut. Natuurlik met die ooreenkoms dat benewens die skietbaanreëls wat tweede natuur by toegewyde jagters is, die inperking-regulasies nougeset toegepas word. Weliswaar is dit 'n vreugde om een maal per maand ons vaardighede op te skerp en ook ons skietbaanvuurtjie aan te steek.

Ons het steeds baie rede om positief te bly.

COENRAAD PIETERSE

JAG TYDENS DIE COVID-19-PANDEMIE

Dit was baie goeie nuus dat ons as jagters weer die jagveld kon aandurf, nadat die regulasies teen die oorsteek van provinsiale grense vir jagters einde Junie opgehef is.

Dit is toe vinnig gereël dat ons groep jagters op 2 Julie 2020 na die Baltimore-omgewing vertrek. Tydens ons reis is alle regulasies van Covid-19 nagekom, asook al die perмите vir reis en die vervoer van wildsvleis. Die plaaseienaar het ons begroet met ontsmettingsmiddels om binne die reëls te bly.

Dit was 'n wonderlike ervaring om tydens die grendeltydperk weer in die natuur te wees, die pragtige plantegroei te geniet en suiwer lug in te asem. Dolf, een van ons medejagters, het vir die eerste keer gejag en 'n vlakvark geskiet. Dié jong jagter was baie trots daarop en is natuurlik deur die ou manne ingewy. 'n Koedoe se lewer en hart is vir aandete voorberei met tuisgemaakte blatjang, speserye en uie. Sommige manne het die voorbereiding maar langtand beskou, maar toe opgeskep word, was die pot vinnig leeg.

Hoe bevoorreg was ons om die veld weer te geniet. Sondag is opgepak en net ons spore is agtergelaat.

DIETMAR WEISE

**Die verbod op reis oor provinsiale grense vir bestaansjag doeleindes is op 31 Julie weer ingestel en intussen weer verslap.*

WENBRIEF
WINNING LETTER

R1 000
GESKENKBEWYS / GIFT VOUCHER



**SAFARI
OUTDOOR**

WWW.SAFARIOUTDOOR.CO.ZA

Dit vat my terug op ver paaie toe ek nog 'n knapie van so 11 jaar oud was. Die pa's van daardie tyd het geglo dat 'n seun van jongs af moet kan bewys van watter staal hy gemaak is. Hierdie was een so voorval: Soms moes ons die trekdier (muile en perde) in die veld gaan haal, as daar geploeg moet word. Op dié dag was daar donderweer in die lug en ná skool het ek die opdrag gekry om die perd te vat en die diere te gaan soek en af te bring na die opvangkamp. My ma het my pa gewaarsku dat die weer my gaan vang terwyl ek in die

Nodeloos om te sê, ek was nie betyds nie. Die weer het oor my uitgesak met volle bliksem- en donderslae en ek moes skuiling soek. As kind was ek maar oningelig en het onder 'n groot kameeldoring gaan staan. Daar het ek ook my arms om die ou skurwe stam geslaan. Ek weet nie hoekom nie, seker maar gedink hoe nader aan die stam hoe minder sal die elemente my bykom, maar dit het die vrees bietjie gedemp. 'n Donderslag met 'n verblindende bliksemstraal het die randjie so ongeveer 100 treë van my af getref en die

kruitreuk het my neus gebrand. Dit het gevoel asof daar duisende naaldprikkelers deur my liggaam skiet. Ek het die boom gelos en die saal van die perd gestroop, op my knieë gaan staan met my kop op die grond en die saal oor my kop gesit en toe begin huil. Eers het ek gehuil van bangheid en toe sommer ook van die pyn in my niere waarvan ek niemand nog vertel het nie. Ek het gehuil oor al die kere wat ek vals beskuldig is, ek het gehuil oor die onverdiende pakke slae wat ek gekry het, ek het gehuil omdat almal gedink het ek is dapper waar ek ook maar net 'n ou bang seuntjie was, ek het gehuil omdat ek nie vir Liewe Jesus mag vra om my te beskerm nie aangesien dit nog nie slaaptyd was nie en nog

[illegible]

Ek stem dus saam met Herman. Soms huil jy sommer oor 'n klomp dinge tegelyk. Op dié wyse raak jou gemoed weer baie kalm.

PIERRE ROSSOUW

WEN

**Vier gelukkige lesers staan die kans om die onderstaande
trots Suid-Afrikaanse produkte te wen.**

Besoek ons webtuiste
WWW.SAJAGTERHUNTER.COM
en klik op die **WEN-knoppie** om in te skryf.

Die sluitingsdatum vir hierdie maand se kompetisie is 30 OKTOBER 2020.

HIERDIE MAAND SE PRYSE:

Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500. Vir meer inligting, sien ons webtuiste; besoek www.kappetijnknives.com of kontak hulle by 082-923-5639 of 082-968-4242.

Twee lesers kan elk 'n ammunisiekiekie in die kaliber van hul keuse wen. Die Dove-tail-ammunisiekiekies word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by 083-257-4041 vir meer inligting. Elke kiekie is ongeveer R525 werd.

**Toms Camo-hoed
ter waarde van
R257 BTW ingesluit**



www.stevensonhamilton.co.za
admin@promark.co.za

Produk van Suid-Afrika

Kry jou prys by

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerklere, ens.) kan elke maand gewen word. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by www.stevensonhamilton.co.za.

- ⚙️ **KAPPETIJN-MES:** CAREL DE WET, HERMANUS
- ⚙️ **DOVETAIL:** WILLEM DERCKSEN, JOHANNESBURG EN ANEL MOUTON, RUSTENBURG.
- ⚙️ **PROMARK TWEE KORTMOUHEMDE:** LOUIS KRUGER, MIDDELBURG.

Die name van Sept/Okt-maand se pryswenners sal in die volgende uitgawe van SA JAGTER/HUNTER-tydskrif verskyn en dit sal ook op ons webtuiste bekend gemaak word.

SNELVUUR

WAT HOU DIE TOEKOMS IN VIR SA JAGTER/HUNTER?

Covid-19 het duidelik sy merk gelaat op sakeondernemings. En een van die bedrywe wat veral hard geslaan is, is die drukmedia. Dit het gelei tot groot veranderinge by Media24 wat onder meer beteken het dat sekere tydskrifte toegemaak is, ander gaan voort as digitale publikasies en sommige se uitgawes word verminder.

SA JAGTER/HUNTER is ook geraak deur hierdie veranderinge. Na besprekings tussen Media24 en die direksie van SA Hunt Publishing (Edms) Bpk het die Raad van SA Jagters ingestem tot Media24 se voorgestelde veranderinge om sodoende die tydskrif te behou en steeds lewensvatbaar te bedryf.

Die volgende is dus van toepassing op SA JAGTER/HUNTER:

1. Pleks van elke maand sal daar agt uitgawes per jaar verskyn. Sekere uitgawes gaan twee-in-een uitgawes wees, met meer afdelings, 'n groter verskeidenheid artikels en vars nuwe skrywers, om waarde te gee vir die verhoogde prys per eksemplaar.
2. Die jaarlikse prys vir die tydskrif sal nie verhoog nie, maar die afsonderlike eksemplare sal effens meer kos as voorheen.
3. Die huidige redakteur, Johan van Wyk, sal die tydskrif se inhoud en produksie op kontrakbasis hanteer.
4. Die twee-in-een uitgawes van die tydskrif sal langer op winkelrakke beskikbaar wees.



GAME RESERVE TRANSFORMS CRISIS INTO CASH AMID COVID-19-PANDEMIC

Farmer's Weekly recently reported that the Somkhanda Game Reserve, a 12 000ha community-owned game reserve in Kwa-Zulu-Natal, turned to alternative ways of generating much-needed income during the crisis brought about by the destructive path sown by the Covid-19 virus.

The Gumbi community, owners of Somkhanda, were previously reliant on eco-tourism and game ranching for an income but the impact of the Covid-19 pandemic effectively brought these activities to a halt. To make up for the shortfall, however, other activities were explored as a means to look after the 200-family-strong community.

In partnership with two companies, Bosveld Game Meat and KZN Game Meat, Somkhanda's game meat harvesting operation was expanded, and scientifically determined, sustainable numbers of game animals were harvested, and the meat sold in order to generate income.



HYENAS REINTRODUCED TO ZINAVE NATIONAL PARK IN MOZAMBIQUE

Africa Geographic has recently reported that, with the help of the Peace Parks Foundation, a small population of spotted hyenas have been reintroduced to Zinave National Park in Mozambique.

Zinave is part of the Greater Limpopo Transfrontier Conservation Area and has seen a phe-

nomenal growth in the numbers of large herbivores such as wildebeest, giraffe and impala. This population growth has prompted the decision to reintroduce large predators to the park and as a result, four spotted hyenas (*Crocuta crocuta*) was translocated from the Sabie Game Park in South Africa to Zinave.

Two of the hyenas were fitted with radio collars to enable park authorities to keep tabs on their movements.

As spotted hyenas are both scavengers as well as predators, their reintroduction to Zinave is seen as a significant step to restoring balance to the ecology of the park.



RHINO POACHING ON THE DECREASE AS A RESULT OF COVID-19

South Africa's minister of environment, forestry and fisheries, Barbara Creecy, recently announced that a total of 316 rhino had been poached in South Africa during the first six months of 2020.

Although this statistic is still alarming, it is a decrease of almost 50% in comparison with 2019's statistics.

The reduced number of poaching incidents have been especially welcomed in the Kruger National Park. The Kruger is home to the bulk of South Africa's rhino population. A total of 88 rhino have been poached there thus far this year.

Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat **SA JAGTER/HUNTER**, in samewerking met die **Noord-Kaap Professionele Jagskool (NKPJS)**, 'n kompetisie vir jonger skrywers aanbied.

Die prys vir die wenner is 'n trofeejag vir 'n blouwildebees, springbok en vlakvark tydens die 2021-jagseisoen op Panorama, die 6 000ha-opleidingsgebied van die NKPJS naby Vanderkloof in die Noord-Kaap. Die wenner sal begelei word deur opgeleide professionele jagters van die NKPJS en sal ook op die skool se perseel tuisgaan.

Alle bydraes kan per e-pos aan ons gestuur word na sajagterhunter@gmail.com.

Dui asseblief duidelik in u e-posse aan dat die artikels vir die kompetisie bedoel is ten einde misverstande te voorkom.

Die reëls van die kompetisie is as volg:

1. Deelnemende skrywers mag nie ouer as 35 jaar wees ten tye van die instuur van bydraes nie ('n afskrif van elke deelnemer se ID moet alle bydraes vergesel);
2. Bydraes kan jagstories of tegnies van aard wees;
3. Alle bydraes moet bestaan uit teks van 1 500-2 000 woorde, tesame met gepaste foto's en onderskrifte;
4. Deelnemers mag 'n maksimum van drie bydraes instuur vir die kompetisie;
5. Alle bydraes moet ons voor of op 28 Februarie 2021 bereik;
6. Die wenner van die kompetisie sal in die tydskrif sowel as op ons Facebook-blad en webblad aangekondig word;
7. Die beoordelaars se besluit is finaal.

Geborg deur Noord-Kaap Professionele Jagskool (NKPJS)



Ons sien uit na julle bydraes! Die SA JAGTER/HUNTER-span.

JAGTERS KOM TOT JAGLUIPERDS SE REDDING

'n Groep jagters het in Augustus tot die redding van 'n jagluiperd-beskermingsreservaat gekom, wat hard getref was deur die nasionale inperking op toerisme. Running Wild Conservation, naby Sun City in die Noordwes, is tans die tuiste van onder meer nege jagluiperds, verskeie wildekatte en drie leeus. Dié reddingsoord se doelwit is om veral jagluiperds te red, te rehabiliteer en weer in die natuur vry te laat.

Die webblad *goodthingsguy.com* het berig dat Running Wild geweldig gely het onder die inperkings wat deur die regering ingestel is om die verspreiding van die Corona-virus te bekamp. Hulle maak staat op toeriste om finansieel te oorleef en is verder ook afhanklik van jagplase in die omgewing wat vleis vir die diere skenk. Al hierdie hulp het skielik vir 150 dae lank opgedroog en die reservaat se voortbestaan was in die weegskaal.

Dit was totdat 'n paar jagters, wat op 'n plaas daar naby gaan jag het om hul eie vrieskaste vol te maak, te hore gekom het van dié bewaringsreservaat se lot. Hulle het besluit om 'n anonieme skenking van vyf karkasse te maak. Dis genoeg vleis om die jagluiperds vir sewe weke lank te voer. Die regering het intussen ook aangekondig dat die land na vlak 2 van inperking beweeg, wat beteken die toerismebedryf maak oop.

KLEIN JAKKALSIES...

Soos met baie dinge sluip daar soms foute in, en ons hier by die tydskrif is ongelukkig nie immuun daarteen nie!

In die insettel op bladsy 38 van die September/Okttober-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER is verkeerdelik aangedui dat die gemiddelde karkasgewig van 'n rooibokram 65kg is. Hierdie is natuurlik foutief, en die insettel moes eerder aangedui het dat die gemiddelde lewende gewig van 'n rooibokram 65kg is.

Ons vra om verskoning vir hierdie klein jakkalsie!

ZEBRA-MIGRASIE LAAT DIE WETENSKAPLIKES VERSTOM

Die seisoenale verskyning van sebras in die Sambalala-area van die Zambezi-streek (voorheen die Caprivi-streek) in Namibië was vir lank onverklaarbaar. Sebras het gedurende die wintermaande onverwags hulle verskyning in dié gebied gemaak, maar dit was eers in 2012 dat kenners met behulp van halsbande toegerus met radiosenders agter die kap van die byl begin kom het.

Die navorsers was verstom om uit te vind dat die sebratroppe elke jaar vroeg in Desember direk suid begin beweeg het in die rigting van die Nxai-panne in Botswana. Die sebras het hierdie afstand van ongeveer 250km




in slegs twee weke afgelê – amper 20km per dag!

Die migrasie terug na die banke van die Chobe-rivier neem gewoonlik langer en die sebras volg dan ook 'n minder direkte roete, wat aandui dat hulle van beskikbare water en weiding gebruik maak.

Die aantal sebras wat jaarliks op hierdie wyse migreer word op ongeveer 10 000 diere geskat. Dis heelwat minder diere as wat aan die Serengeti-migrasie deelneem, maar die totale afstand van ongeveer 500km wat hulle aflê maak hierdie een van die verste migrasies op aarde.





SIEKTE

Ek is siek. Nee, darem nog nie Covid-19 nie, maar 'n ander siek, een wat my vasbyt beproef in hierdie tyd van inkerkering.

Daarom dat ek so jeuk, nee, kriel, om weer 'n slag die pad te vat. Om my rug te draai op die knellende metropolis en die wye ooptes van die hinterland te gaan opsoek.

Ja, ek wil bakkie pak, nie eens baie goed saamneem nie, en net ry. Bo-oor Du Toitskloof hierdie keer, en nie die deur die stink gat wat hulle deur die berg geboor het nie. Verby Rawsonville se gemanikuurde wingerde en De Doorns se herfslappies, op teen die ou Heks se kronkels, en uit op die eindlose ylte van die Karoo.

By Touwsrivier se vulstasie sal ek verbyhou, Laingsburg se Shell ook (ek boikot Shell al twaalf jaar oor hulle verbintenisse met *fracking*) en eerder by die koöperasiepompe gaan dieselingooi. Daar is die kans beter dat ek straks aan die gesels kan raak met iemand wat hierdie wêreld aan sy vel ken en sy stories en geheime kan uitlê. Die groot vulstasies met hulle konstante stroom vreemdelinge is mos maar soos *malls*: Sonder siel.

Iewers op die langpad van die dood tussen Laingsburg en Beaufort, daar waar 'n mens Trapsuutjieberg se silhoeët van ver af kan sien, sal ek die rommelbelynde slagaar van die lorries agterlaat en afdraai, die skoonheid in. Miskien Seweweekspoort se kant toe, of deur Prins Albert

aan die Swartberg se voet. Of miskien sal ek eerder noord wil swenk, deur die Moordenaarskaroo of die Koup.

Stofpaaie, daardie. Skoon paaie wat deur rantjies kronkel, met dassies wat oor die klippe skarrel en kraaie wat jou aanpraat. Hier en daar 'n droë loop met 'n stowwerige bruggie wat op sy dag wit geverf was, dan weer 'n stuk barre bossievlak waar nog ou ystertelefoonpale staan en jy die lyne kan hoor sing

wonder oor die lief en leed van die mense wat daar bly. Daar sal werwe wees, yl gespikkel oor die landskap, elkeen met 'n peperboom. Party sal netjies wees, die hekke haaks en vars geverf, met 'n tuin by die opstal wat getuig van lewe. By ander sal die geboue verlate staan, met muurkalk wat skilfer en net spoke en verwaaide mossieneste op die stoepe.

En dan sal ek die wye Karoo ook aan my lyf wil voel, op

Daar tussen die klippe wil ek die lig sien groei en my verkyk aan die verlatenheid en verluister aan die vreedzaamheid.

as jy jou oor teen die paal hou. Hulle sing van lief en leed en blou-blou lug en onbeperkte ruimte, en somers en winters wat ineenvloei in tydlose ewigheid.

Ek sal kort-kort stilhou, ja, om uit te klim en sonder masker die vrye vars asem te ervaar. Waar 'n windpomp langs 'n brakdeurkraakte dammetjie staan en kreun, sal ek deur die draad klim, die slikkerigheid eenkant toe vee en die Karoo se sout medisyne op my tong proe. Hoër op in die vlak sal 'n paar dwalende Dorpers miskien blêr en op die oorkantste wal van die dam sal 'n janfiskaal my wantrouig sit en dophou, asof hy weet ek oortree.

Soos ek ry sal ek kyk na die name op die plaasbordjies en

iemand wat verstaan se plaas. Ek sal vir my 'n vuurtjie van soetdoringtakke en kriebos maak êrens in 'n beskutte lopies en my ingrawe met my rug gerieflik teen 'n wal. Daar sal ek sit en luister na die jakkals en die uil en die eggo's van die stilte, en kans kry om rustig met myself te gesels oor dinge wat lankal al moes uitgepraat gewees het.

Later, as die maan begin oorstaan en 'n muishond al die tjopbeentjies kom haal wat ek oor my skouer gegooi het, sal ek vir my 'n holte in die sand krap en 'n kooi maak met al wat warm ding is. Daar sal ek my inwurm en vir die sterre lê en kyk terwyl die ysigheid kil-kil oor die leegtes nader sluip.

In die nag, met die stilte wat

my wakker gil, sal ek teësinig uit my warm lêplek wikkel om 'n paar takke in die kole te stoot en aan te blaas, en dan somer ook 'n straaltjie gaan bydra tot 'n gannabos se dors. Dan sal ek weer in my nes kruip en insluimer met die sagte lek van die vlamme wat my sus.

Dagbreek, as die koue vir oulaas sy naels probeer inslaan, sal ek my stewels aantrek en die vuurtjie weer aan die gang kry vir die koffieketel. Daarna, somer nog sterk skemer, wil ek 'n rant uitstap in die vroeglig, tot op sy kruin, en daar gaan sit om die geboorte van 'n douvars dag ongestoord te beleef.

Daar tussen die klippe wil ek die lig sien groei en my verkyk aan die verlatenheid en verluister aan die vreedzaamheid. Oudergewoonte sal ek seker die wasem van die verkyker se lense vryf met my serp se punt en die veld stadig sit en deurkam vir wit pensies in die oggendlig. As ek springbokkies gewaar sal ek natuurlik kyk hoe die luggie roer en 'n plan prakseer om by hulle uit te kom om straks 'n patroon in die loop te kan stoot, maar waarskynlik sal ek somer net daar bly sit en my eerder net inleef in die groot vrede.

Vrede, ja. Dit is wat ek soek. Dit sal my genees. Die vrede van die veld. Want op die oomblik is ek tot boordens toe siek van die knaende gekla en gestry en baklei en die wetteloosheid en geweld en rassisme en vernietigingspolitiek van 'n siek, siek land. ☸



NOW
ALSO WITH
ILLUMINATED
RETICLES

Z5i 5-25x52
**THE PRAIRIE
HUNTER**

SEE THE UNSEEN



SWAROVSKI
OPTIK



For your closest stockist, please call Brad on 0861-005903


THE .450 NO 2 NE – FEW, BUT DISTINGUISHED COMPANY

This cartridge is as deadly today as it was in Nyschens, Taylor or Selby's time.

In many hunting books of an older generation, especially those written by Americans, one often finds references of professional hunters shooting double rifles that fire cartridges “as big as bananas”. This kind of language almost certainly refers to that odd trio of cartridges developed when politics intervened in cartridge design in the early 1900s: the .450 No 2 NE, .475 No 2 NE and .475 No 2 NE Jeffery.

After Rigby introduced the .450 NE in 1898, they were astute enough to release the cartridge to the trade and many other makers started chambering rifles for the cartridge as well. The result was that the .450 NE quickly became the dangerous-game double rifle cartridge of the era and it saw use in almost every corner of the then-vast British Empire and elsewhere.

Following close on the .450 NE's heels, however, was Hol-



The proofmarks of a .450 No 2 NE double rifle, indicating a proof load of 80gr of cordite propellant and a 480gr bullet.



A very old .450 No 2 NE double rifle by Webley & Scott. The external hammers date this rifle to the period of the birth of the .450 No 2 NE cartridge – by the outbreak of World War I, hammerless designs were the accepted format for double rifles meant for dangerous game.



The late Philip Percival (right), the dean of East African professional hunters, used a pair of Joseph Lang .450 No 2 NE double rifles until well into his 1970s. He is pictured here with one his better-known safari clients, Ernest Hemingway (left). Source: Internet.

land & Holland's .500/450 NE. As Holland & Holland was probably the leading British gunmaker of the period, it was a given that they would develop a cartridge of their own to offer to their customers, many of whom were wealthy Indians who kept the order books turning over briskly. In 1903, the .450 No 2 NE was introduced as well. It was developed by Eley Bros, the ammunition manufacturers, but was adopted by WJ Jeffery & Co almost immediately. It used a huge 3½" case in order to reduce chamber pressure but was ballistically identical to the other two .450s: a 480gr jacketed bullet at 2 100fps or so with the help of 80gr of cordite.

By this time, however, shortly after the dawn of the 20th century, there were other cartridges on offer as well. The two .450/400 NEs (they were ballistically identical but one version had a case length of 3" and the other 3¼"; bullet diameter also differed) were available, plus the

.500 NE, .577 NE and .600 NE, the latter introduced by WJ Jeffery & Co in 1902. If life was fair, this should have been the way forward, but alas, politics intervened...

ENTER THE BUREAUCRATS

In 1905, following some troubles with the locals, the British colonial authorities in India and the Sudan banned the importation of weapons in military calibres such as the .303, .450 and .577. The idea behind the ban was to prevent ammunition and reloading components falling into the hands of would-be insurrectionists and other troublemakers, but another unfortunate side-effect was that the popular .450s could no longer be exported to India, the biggest market for double rifles at the time.

The British responded by introducing a rash of cartridges to replace the .450s with, including the popular .470 NE, .475 NE, .475 No 2 NE (again, typically British, there were two versions

of the cartridge, and they weren't interchangeable), .500/465 NE and .476 NE. Ballistically speaking, all of them were just about similar, but they could be exported to India without extensive paperwork, so it was business as usual for the British makers.

EARLY CORDITE TROUBLES

In the early days of cordite, which was made from a mixture of nitro-glycerine, gun cotton and petroleum jelly, dangerous pressure spikes sometimes occurred when cordite-loaded ammunition was fired in rifles during extreme ambient temperatures such as those often encountered in Africa and India.

These pressure spikes lead to extraction problems in double rifles, something which was most definitely a hazard when facing big, potentially dangerous game. The British cured the problem by experimenting with thicker brass cases, reducing loads for some cartridges (these were called tropical loads), adjusting the formula

by which cordite was manufactured, and even by developing new cartridges such as the .450 No 2 which had massive cartridge cases and, hence, lower chamber pressure to ensure good extraction.

However, by the time World War I broke out in 1914, all cordite-related teething problems had been sorted out and the propellant would stay in widespread use until well into the 1950s. Cartridges such as the .450 No 2 NE is a reminder that cordite did cause a few headaches during earlier times, though.

BACK TO THE .450 NO 2 NE

The .450 No 2 NE suffered the misfortune of being introduced just two short years before the .450-ban came into effect. Although it was not retained as a proprietary cartridge and everyone was therefore free to chamber rifles for it, the motivation to do so became almost zero after 1905, unless the owner of the rifle was headed for somewhere other than India or the Sudan and had a burning desire to own and shoot a .450 No 2 NE. The upshot was therefore that relatively few .450 No 2 NEs were produced.

Those that were made, seem to have ended up in the hands of some of Africa's better-known hunters. John Taylor wrote that during his hunting career he owned no less than four rifles chambered for the .450 No 2 NE and that he used them on hundreds of elephant and buffalo. Taylor also commented on the physical size of the loaded .450 No 2 NE cartridge:

"Like many other hunters I used to think there was nothing to compare it with; but later reflection has convinced me that its peculiar appeal – apart from its natural excellence – is entirely psychological. I am quite sure that it's the 'eager' look of that close on 4½" of brass and nickel that makes men think it is so much better and deadlier than either of its contemporaries".

Well, psychology notwithstanding... »

» standing, there was no practical difference between the .450 No 2 NE and either of the other two .450s or, for that matter, the .470-class cartridges. What the .450 No 2 NE did have going for it, though, was the lowest chamber pressure of all of the large-bore double rifle cartridges, and in the early days of cordite this was an important consideration, especially when hunting in warm climates.

FAMOUS USERS OF THE .450 NO 2 NE

Besides John Taylor, a number of other well-known African hunters also used the .450 No 2 NE with great success. The famous East African professional hunter Philip Percival (who could count such luminaries as Ernest Hemingway and Baron Rothschild amongst his clientele) used a pair of .450 No 2 NE doubles by Joseph Lang.

Percival's pair of rifles today reside in a private collection in the United States where a friend of mine was able to inspect them. He tells me they are in "very well-used indeed" condition, and it's no wonder, as Percival used them until well into

his first African safari with professional hunter Harry Selby in Tanganyika in 1951. Selby had his now-famous .416 Rigby bolt-action on hand as a back-up rifle, but in addition also used a Rigby .450 No 2 NE double for back-up on buffalo. In what can

Although there are still a handful of .450 No 2 NE rifles in use today, they are few in number.

his 70s. Percival's good friend and fellow professional hunter, Pat Ayre, was another user of the .450 No 2 NE, and like Percival, he also used a double rifle made by Lang.

In one of my favourite hunting books, *Horn of the Hunter*, Robert Ruark tells the story of

only be construed as literary license, Ruark even describes how Selby shot two swooping kites from the sky with the big Rigby double, a feat I would have liked to witness!

For hands-down intense one-man elephant hunting experience, however, few can match

the feats of the Rhodesian elephant hunter, the late Ian Nyschens. Nyschens was a loner and hunted in the region of a thousand elephant in countries such as Rhodesia, Mozambique, and what was then Tanganyika. His first double rifle was a Rigby in .450 (3¼") NE that he shot so much that the barrels eventually separated, and the rifle had to be sent back to Rigby for repairs. It takes some shooting to shoot the barrels of a good-quality double rifle apart!

However, it was Ian Nyschens's second double rifle that has intrigued me the most ever since I read his excellent book, *Months of the Sun* (Safari Press, 1997). It was a Rigby as well, and Nyschens describes his purchase as follows in his book: "While in the town of Bulawayo, I bought a Rigby .450 No 2, a short-barrel double rifle



Another well-known professional hunter who used the .450 No 2 NE throughout his career was the late Danny McCallum. His .450 No 2 NE boxlock by Watson Bros is pictured here. Source: *The Explorer* – Westley Richards & Co.



(L-R) A .450 (3 1/4") NE cartridge, followed by a .500/450 NE cartridge and then a .450 No 2 NE cartridge with its massive 3 1/2" case. On the right is a .30-06 cartridge for scale.

with 300 sealed rounds of ammunition. It was old and had been extensively used and was a discontinued model and out of date, but it was the best rifle I was ever to own. I doubt if other double rifles were in its class. It was a handy stopper. The big brass cases were 3 1/2 inches long with low chamber pressures, and, when one considers how all heavy-calibre rifles pound one's shoulders, this rifle for comfort and effect was the best for me."

THE MYSTERY (OR NOT) OF THE RIGBY .450 NO 2 NE

The mind sometimes takes strange turns. Amidst the Covid-19 lockdown, I set out to reread some of the hunting literature in my modest library. One of the titles that made it onto the list was none other than that *Horn of the Hunter*, and after reading it for the umpteenth time and mulling over Ian Nyschens's opinion of his Rigby .450 No 2 NE, a strange thought occurred to me.

The first thing I did was to send an e-mail to friend Marc Newton, managing director of today's John Rigby & Co (Gun-makers) Ltd. I was pretty sure

that Rigby probably didn't make a great many rifles chambered for the .450 No 2 NE, and within a day Marc came back to me. "Yes," his WhatsApp message read, "Rigby made a rifle in .450 No 2 NE. Exactly one, in fact!" It was made in 1921 by Webley & Scott for Rigby, engraved by Harry Kell, and sold to a FW Greswolde-Williams. The rifle was described in the records as a best-quality ejector with 26" barrels, not exactly short, but certainly shorter than the 28" barrels fitted to early Nitro-Express double rifles. Imagine that, I thought, only one Rigby in .450 No 2 NE ever made. What were the chances of the rifle ending up in the hands of two African legends such as Harry Selby and Ian Nyschens?

This information set me on a path of investigation that time and again went cold. Other than for Ruark's *Horn of the Hunter*, I couldn't find any other reference to the Selby Rigby .450 No 2 NE. I even contacted Joe Coogan, Harry Selby's one-time learner professional hunter in Botswana and these days a noted outdoor writer himself. Joe confirmed that he had no idea what became of

the .450 No 2 NE and remarked that the rifle certainly did not make it to Botswana when Harry Selby relocated there in 1962 from Kenya.

Was Ruark mistaken when he wrote about the .450 No 2 NE in Selby's hands? I doubt it. A .450 No 2 NE pops up again in the hands of a fictional character in another of his books, *Something of Value*, and again it's a Rigby. This leads me to believe that Ruark must have known exactly what he was writing about.

As for Ian Nyschens's Rigby .450 No 2 NE, the rifle had a sad end. During a crocodile hunting excursion on the Zambezi River in the late 1950s, the boat Nyschens and a companion was travelling in smashed into an unseen sandbank, overturned, and the Rigby .450 No 2 NE (along with a double .600 of sorts) was dumped into the river. A sad end!

AT A LOOSE END

As all my enquiries regarding Harry Selby's .450 No 2 NE came to naught, and as Ian Nyschens's rifle ended up on the bottom of the Zambezi, we will never know whether, by some extraordinary fluke, one unique rifle ended up in the hands of two of Africa's legendary hunters. If it was indeed the case, the mind boggles at how the rifle could somehow have been sold in East Africa, transported across wildest, darkest Africa to Rhodesia, only to be sold to an ivory hunter on the lookout for a good double to make a living with. It makes for intriguing food for thought!

Although there are still a handful of .450 No 2 NE rifles in use today, they are few in number. As many were made more than a century ago, they tend to be well-used, and many are not in the best condition. However, the cartridge is still as deadly as it was in Nyschens, Taylor or Selby's time, so if the opportunity to get hold of a grand old rifle chambered for a grand old cartridge presents itself, grab it with both hands! 🍷

ADVERTISING



MAKE SURE
THAT YOU
REMEMBER TO
ADVERTISE IN
THE NEXT ISSUE

**JAGTER
HUNTER**

CONTACT:

JACQUES BOSHOF

Cell: 079-528-8793

jacques.boshoff@media24.com

RONNIE ROBBERTZE

Cell: 072-223-0533

ronnie.robberze@media24.com

Besoek ons webwerf!



www.sajagterhunter.com

En kry die nuutste nuus
oor die tydskrif, asook
oorspronklike artikels, 'n
paar goue oues, wenke en
lekker wildvleisresepte. Jy
kan ook jou geweer en
ammunisie daar adverteer.



JMC VIGUS 5 – STYLVOL EN BEKOSTIGBARE WERKESEL



Die JMC Vigus 5 is beslis die moeite werd om te oorweeg as jy daaraan dink om 'n dubbelkajuitbakkie aan te skaf, maar nie noodwendig jou sak te veel wil skud nie.

Dié werkesel is 'n midvlakbakkie met 'n viersilinder, turbo-aangedrewe 2.4 liter-dieselenjin wat deur Ford ontwikkel is en 103kW en 310Nm-wringkrag bied. Dit is beter as sommige ander bakkies van sogenaamde “topklas”-handelsmerke en jy sal beslis nie sukkel om jagpaaie daarmee te ry nie. Krag in die 4x2 word na die agterwiele verskuif via 'n vyfspoed-ratkas, maar jy kan ook die 4x4-opsie kies. Die bestuurwyses 2H, 4H en 4L is maklik om te aktiveer, jy draai slegs die knop onder die rathefboom.

Wat Chinees-vervaardigde bakkies aanbetref staan die JMC

Vigus 5 uit as gevolg van die feit dat hy spog met onderdele wat deur van die grootste name in die motorbedryf vervaardig is, soos byvoorbeeld BorgWarner, Getrag, Bosch, Honeywell, Valeo, ZF en Denso.

Die Vigus is 5 382mm lank en 1 907mm breed. Hy staan 1 800mm hoog en sy as-afstand is 3 085mm, wat gelykstaande is aan ander soortgelyke bakkies op die mark. Dan lyk hy boonop spiekeries ook, met 16 duim-allooiwiele en stylvolle lyne en afwerking. Sy ontwerp voor met die prominente sierrooster en groot JMC-kenteken asook die lae misligte laat hom uitstaan in 'n kudde dubbelkajuitbakkies wat almal maar min of meer dieselfde lyk. Verder is dié bakkie se binnekant nie net ruim genoeg om vyf volwassenes met gemak te akkommodeer nie, maar dit het ook

pragtige leersitplekke.

Die Vigus is toegerus met 'n spoedreëlaar (*cruise control*) en 'n basiese inlig-en-vermaakstelsel wat jy deur middel van 'n raakskerm beheer. Hy het ook trurat-biepers wat jou waarsku hoe ver jy van iets af is wanneer jy agteruit ry en die afstand word in sentimeters op die instrumentpaneel aangedui. Sou jy eerder 'n kamera verkies om jou hiermee by te staan kan jy vra dat hulle teen 'n ekstra R10 000 vir jou die opgegradeerde inlig-en-vermaakstelsel installeer wat 'n truratkamera en volledige navigasiepakket insluit.

Veiligheid het ook nie agterweë gebly met die ontwerp van dié voertuig nie. Teensluitremme (ABS) is standaard op die JMC Vigus 5 en daar is twee lugsakke voor. Om te verseker dat jy in 'n noodgeval nie die

pad byster raak nie het die bakkie elektroniese remkragverspreiding wat die sluit van die wiele beheer wanneer jy dalk 'n noodstop moet uitoefen.

Dan is hierdie 4x4 se brandstofverbruik ook nie te versmaai nie met 'n gemiddeld van 7.4L/100km op die langpad en 8.4L/100km sou jy hom gebruik om te pendel.

En asof die bogenoemde eienskappe nie reeds genoeg is om 'n mens te laat glimlag nie, sal die prys jou ook gelukkig maak. Die 4x4 is beskikbaar teen R374 990 insluitend 'n vyfjaar/100 000km-waarborg en vyfjaar/60 000km-diensplan. Die 4x2 kos R317 000. 

Vir meer inligting oor die bakkies skakel JMC by 011-668-0300 of besoek hul webwerf by www.jmcsa.co.za

SA CAR OF THE YEAR
MEDEDINGOER

SA SE BESTE WAARDE-VIR-GELD DUBBELKAJUIT

5 MAANDE
FINANSIËLE VERLIGTING

**DIE NUWE VIGUS 5 SIT GELD
TERUG IN JOU SAK,
SODAT JY KAN GAAN JAG**

SPLINTERNUWE 2020

**JMC VIGUS 5
2.4 TDCI LUX
BESKIKBAAR IN
4X2 & 4X4**

VANAF SLEGS

R5 099 P/M*

**0% DEPOSITO
0% RESIDUEEL**



**103KW / 310NM / LEERSITPLEKKE / SPOEDREËLAAR
ABS + EBD / SKUIFREMME OP AL VIER WIELE
LUGSAKKE VIR PASSASIER EN BESTUURDER**

5JAAR / 60 000 KM-DIENSPLAN



5JAAR / 100 000 KM-WAARBORG

JMC SUID-AFRIKA

*BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD. ONDERHEWIG AAN KREDIET GOEDKEURING. TERWYL VOORRAAD HOU.
AANBOD BESKIKBAAR TOT 30 SEPTEMBER 2020. E&OE





Indien jy 'n jagter is wat jou jagervaring wil uitbrei, kan jy gewis boogjag oorweeg, en om 'n bok met 'n pyl en boog plat te trek nadat jy dit met baie moeite bekruip het, is 'n ervaring duisend.

'n Moderne kragboog (*compound bow*) kan enige boksoort baie effektief plattrek indien dit goed toegerus en ingestel is. Die teendeel is ook waar dat 'n boog wat nie korrek ingestel of toegerus is nie, net so oneffektief is as 'n geweer met 'n teleskoop wat nie ingestel is nie – die jagter gaan elke keer die bok kwes.

Dalk huiwer jy om 'n boog aan te skaf omdat jy nie weet hoe om te werk te gaan om die regte boog te kies nie. Hoe verseker jy dus dat jy 'n geskikte jagboog en toerusting koop en dat dit goed ingestel is? Jy mag dalk bang wees jy gee 'n klomp geld uit, net om later uit te vind jy het verkeerd gekoop!

MAKLIKER AS WAT JY DINK

Wees gerus, om die regte boog te koop, is glad nie 'n ingewikkelde saak nie. In die eerste plek is dit só dat bykans enige moderne kragboog wat deur 'n bekende boogvervaardiger ge-


Hoe kies ek 'n JAGBOOG?

Wenke wat jou sal help om die regte boog te koop.





BO EN ONDER: Die visier op die boog.



maak en verkoop word, goedge-noeg is. 'n Mens moet net seker maak die boog het genoeg slaan-krag om die diere wat jy wil jag, dood te kan maak indien jy die regte pyl en jagpunt gebruik. Nie alle kragboë is jagboë nie, party is net geskik vir kompetisieskiet.

Dit is belangrik dat jy 'n boog koop met 'n trekkrag en trek-lengte wat jou pas. Een van die eerste vrae wat jy moet kan antwoord, is of jy 'n linkerhandse of regterhandse boog benodig. Jy moet dus seker maak watter oog jou dominante oog is. Die meeste mense is regteroog-dominant en dus is 'n regterhandse boog vir hulle geskik, maar vir 'n persoon wat linkeroog-dominant is, gaan die teendeel eerder waar wees. Oogdominansie stem nie altyd ooreen met handdominansie nie – jy kan “regs” wees en tog

linkeroog-dominant wees.

Indien die assistente by die booghandelaar hulle sout werd is, sal hulle jou oogdominansie en trek-lengte gou kan bepaal. As hulle dit nie kan doen nie, moet jy jou eers hiervan vergewis voordat jy 'n boog aankoop.

TREKLENGTE IS BELANGRIK

Dit is baie belangrik dat jy 'n boog koop met 'n trek-lengte wat jou pas. Jou trek-lengte word bepaal deur hoe wyd jou skouers en hoe lank jou arms is. Omdat die meeste boë in die VSA gemaak word, word bykans alles wat met boë te doen het, in duime gemeet. Die gemiddelde trek-lengte is tussen 28 en 29 duim, maar dit wissel egter van mens tot mens, en daar is mense met 'n trek-lengte van selfs 32 duim en langer. Sou die boog-

winkel jou nie kan help nie, of jy koop dalk 'n tweedehandse boog, sal jy self moet bepaal wat jou trek-lengte is.

Daar is meer as een manier om dit te bepaal, maar die metode wat waarskynlik die maklikste is, is soos volg:

- Staar teen 'n muur met jou arms uitgestrek na die kante toe op skouerhoogte;
- Laat iemand anders jou help en meet van die punt van een middelvinger na die punt van die middelvinger aan die ander hand;
- Deel dan eenvoudig daardie afstand deur 2.5. Die kwo-siënt is jou benaderde trek-lengte, in duim.


Moenie 'n boog koop wat té swaar is om te trek nie. 'n Té swaar boog kan besering ver-

oorzaak en jy kan slegte boogskietgewoontes aanleer. Dit is makliker om 'n goeie skietstyl aan te leer indien jy nie sukkel om die boog te span nie. In dié opsig het jy egter 'n opsie: Gestel jy het bepaal dat jy ongeveer 40 pond met gemak kan trek, koop dan 'n boog wat van 40 tot 50 pond kan verstel. Hoe meer jy die boog skiet, hoe sterker gaan jy word, en kort voor lank gaan jy die volle 50 pond kan trek.

Daar is egter deesdae boë beskikbaar wat 'n baie groter verstelling ten opsigte van trekkrag het. Sommige boë kan selfs verstel vanaf baie ligte trekkrag tot en met 70 pond. Die trek-lengte het ook 'n groot verstelling, soveel só dat dit van 'n baie kort trek-lengte tot soveel as 30 duim kan verstel. Só 'n boog kan dus heeltemal aangepas word volgens die skut.

Oor die algemeen is dit egter boë in 'n effens laer prysklas wat soveel kan verstel, terwyl die duurder boë nie só baie kan stel nie. 'n Module op die nok-aste (*cams*) van die duurder boë moet gewoonlik vervang word »

'n Moderne krag-boog met 'n boog-koker en pyle.



BO EN ONDER: 'n Snaarhaak (*string loop*) met 'n pyl wat in die snaar gehaak is. Die meganiese sneller haak in die snaarhaak.



Die loerkorrel (*peep sight*) wat op die snaar aangebring word.



'n Snaardemper.

hartschoot en die sebra het gou geval. Dié boog is ongeveer vyf jaar oud en kan stel van minder as 15 tot 70 pond.

Koop die beste boog wat jy kan bekostig, maar moenie boogskiet laat vaar omdat die pryse van nuwe boë jou afskrik nie. Koop eerder 'n goedkoper boog, of 'n goeie tweedehandse boog, en begin boogskiet!

TWEEDEHANDS OOK 'N OPSIE

Indien iemand dus een van die nuutste boë op die mark wil koop en sy ou boog waarmee hy al vir jare jag aan jou wil verkoop en die prys is baie aantreklik, oorweeg dit gerus. As dit voorheen 'n bok kon plattrek, sal dit aanhou om dit te kan doen, behalwe as daar iets met die boog foutgaan. Maak net seker die boog is nie verniel nie, dat die vere (*limbs*) nie gekraak is nie, en dat die snaar in 'n goeie toestand is. Neem die boog na 'n kundige om die boog te ondersoek.

Indien die boog nie die regte

» om die trek lengte te verander. Dit is egter belangrik dat jy die boog stel volgens jou eie trek lengte en trek krag.

WATTER BOOGFABRIKAAT?

Die beste boog is die boog wat die beste vir jôu werk. Al die bekende boogfabrikate se boë is goed, en skiet akkuraat en vin-nig genoeg om diere mee te jag.

Van die bekende name is Bowtech, Mathews, Bear, Hoyt, PSE en Elite. Die meeste boë is redelik duur en daarom het van die boogmaatskappye ook goedkoper reekse boë wat hulle onder 'n ander naam maak en verkoop, soos Diamond en Mission. Dié boë is gewis ook goed

genoeg om mee te jag en word soms in pakkette verkoop wat klaar ander bybehore soos 'n visier en 'n pylrus insluit.

Een van my dogters het juis onlangs 'n sebra met 'n Diamond Infinite Edge-boog geskiet, wat gestel was op 45 pond. Dit was 'n



LINKS: 'n Pylrus wat wegval (*dropaway arrow rest*). **REGS:** Nog 'n voorbeeld van 'n wegval-pylrus. Dié model word deur G5 vervaardig.



'n Meganiese sneller.

treklengte is nie, moet jy seker maak dit kan verstel word deur net 'n module te vervang. Daar is boë waarvan die nokaste vervang moet word om die treklengte te verander, maar dit kan miskien 'n te groot rompslomp of te duur wees, so soek dan eerder 'n ander boog. Indien dit 'n linkerhandse boog is en jy is regs, moet jy natuurlik ook verbyhou.

NAVERKOPEDIENS

Naverkopediens is baie belangrik. Nie al die booghandelaars diens al die boë nie – daar is net eenvoudig te veel onderdele. Indien jy nie baie tegnies ingestel is nie en nie self jou boog wil instel of verstel nie, moet jy dus sorg dat jy 'n boog koop by 'n booghandelaar wat jou daarmee kan help.

Verskillende boë se handgrepe en algemene “gevoel” verskil van mekaar, en wat vir een mens werk, werk nie noodwendig vir 'n ander nie. Toets dus om jou gewig- en lengtevoorkeure, asook aksie (radikaal of sag) te bepaal. Die beste boog is die boog waarmee jy gemaklik voel.

ADDISIONELE TOERUSTING

Die meeste kragboë word as sogenaamde “skoon” boë verkoop, sonder ekstra bybehore wat nodig is om 'n pyl sekuur te lanseer. Een van die belangrikste bybehore is die pylrus waarop die pyl se voorkant geplaas word nadat dit in die snaar gehaak is. Dis bykans soos 'n geweer se loop, want die pyl se vlug sal belemmer word indien die pyl

nie seepglad oor die pylrus gly nie. Om hierdie rede val die meeste moderne pylrusse plat sodra die pyl losgelaat word – daar moet die minimum kontak tussen die pyl en die pylrus wees.

'n Boog se mikstelsel bestaan uit twee dele: Die loerkorrel (*peep sight*) wat op die snaar van die boog aangebring word, en die visier (*bow sight*) op die greepgedeelte (*riser*) van die boog, net bo die pylrus. Dié visier het korrelpunte wat gebruik word vir die verskillende afstande wat geskiet word en werk gewoonlik in inkremente van 10m. Die boonste korrel is gewoonlik vir afstande tot 20m, terwyl die korrels vir 30, 40 en 50 meter effe laer sit.



'n Snaarhaak (*string loop*) word op die snaar aangebring waar die pyl ingehaak word, terwyl die meganiese sneller ook daarin gehaak word. Die pyl haak aan die snaar self, terwyl die sneller aan die loop van die snaarhaak gehaak word.

'n Meganiese sneller is van groot belang. Dié sneller pas om die jagter se hand en haak aan die snaarhaak, en sy doel is om die pyl met so min steuring as moontlik los te laat. Wanneer 'n snaar met die hand losgelaat word, veroorsaak die snaar se rol op die vingers dat die boog effens beweeg, wat akkuraatheid kan beïnvloed. Die meganiese sneller skakel dié probleem uit en die pyl word seepglad losgelaat.

Aan die voorkant van die boog word 'n stabiliseerder in-



BO: Die voerpunt van die meganiese sneller wat aan die snaar haak, met die sneller wat gedruk word sodat die knipers oopmaak en die snaar loslaat. **ONDER:** 'n Stabiliseerder wat aan die voorkant van 'n boog vasgeskroef is



'n Visier met verskeie penne (*pins*) aan die voorkant van 'n boog.

'n Nok (*cam*).

geskroef. Dit help om die boog stil te hou deur traagheid (*inertia*) te verhoog en dus die mikro-handbeweging van die jagter teen te werk.

Omdat die stabiliseerder die boog effens swaarder maak, verminder dit ook die vibrasie wat veroorsaak word wanneer die snaar losgelaat word. »



LINKS: Minieke by die sebra wat sy vanjaar met 'n Diamond Infinite Edge-boog geskiet het. Dit is een van die goedkoper boë wat van baie lae ponde tot 70 pond gestel kan word. Dié boog is ongeveer vyf jaar oud en is steeds in staat om 'n groot dier soos 'n sebra plat te trek.

» Die meeste nuwe boë is reeds toegerus met boogdempers (*string dampers*) op die snaar en op die greep, maar ekstra dempers kan help om die boog nóg stiller te maak en ook om die vibrasie wat veroorsaak word wanneer die pyl losgelaat word, verder te verminder. Sommige boë raas meer as ander en het dus meer dempers nodig.

DIE REGTE BYBEHORE

Net soos 'n geweer die regte patrone nodig het, het 'n boog ook die regte pyle nodig – nie alle pyle werk ewe effektief nie. Die pyle moet getoets word vir die regte pylstramheid en pylvlug. Die pylle lengte en puntgewig, die trekkrag van die boog, en die treklengte van die jagter moet in ag geneem word tydens die kies van die regte pyle.

'n Goeie boogkoker help om

die pyle dadelik byderhand te hê wanneer jy wil skiet, en dit word op die boog aangebring vir die gerieflike saamdra van die pyle. Maak die koker stewig vas sodat dit nie 'n geraas maak wanneer jy skiet nie.

'n Boogsak of boogtas is baie handig en hou die boog veilig wanneer dit vervoer word. Dis lig en van sagte materiaal gemaak, en bybehore soos die meganiese sneller kan in die ekstra sakke gepak word. 'n Boogtas werk veral goed wanneer die boog in 'n vragruim gepak moet word aangesien die harde buitekant verhoed dat die boog beskadig word of dat die visiere uitstel.

Dit is natuurlik belangrik om eers vertrouwd te raak met jou boog, baie te oefen, en seker te maak jy skiet akkuraat voordat jy probeer om 'n bok met jou boog plat te trek. Skootplasing is belangrik om

REGS 'n Boog in 'n boogsak. Dié sak beskerm die boog wanneer dit vervoer word.

ONDER: 'n Boog-sak met sakke aan die buitekant waarin die meganiese sneller, jagpunte en ander toerusting gebêre kan word.



doodskote te verseker (kop- of nekskote is gewoonlik taboe).

Laastens, wees asseblief ge-

waarsku: Boogjag is verslawend! As die gogga jou eers gebyt het, is daar nie omdraai nie! ☹



RANYATI
FIREARM MOTIVATIONS (PTY) LTD

087 151 0987 / 8

info@firearmmotivations.co.za
www.firearmmotivations.co.za

AMNESTY FOR EXPIRED FIREARM LICENSES EXTENDED UNTIL 31 JANUARY 2021.

- NEW FIREARM LICENSE APPLICATIONS.
- RENEWAL OF EXISTING FIREARM LICENSES.
- ASSOCIATED WITH NATIONAL RIFLE AND PISTOL ASSOCIATION (NRPA), WHICH OFFERS MEMBERSHIP AND DEDICATED STATUS TO MEMBERS.
- COMPETENCY APPLICATION FORMS.

BIG OR SMALL **WE CAN** **FINANCE THEM ALL**



Following models available:

HPX615E/HPX815E trim levels

XUV560E/M-s4 trim levels

XUV590E/M/M-s4 trim levels

XUV825E/M/M-s4 & XUV855E/M/M-s4 trim levels

XUV835E/M/R & XUV856E/M/R trim levels

- Deposits from 15%*
- Terms 12 to 60 months
- Monthly and annual payments to align with your cashflow
- VAT back or capital repayments welcome*
- With all these options you also get a lower interest rate*

E-Trim: entry range model (no power steering) | M-Trim: mid-range model (power steering) | R-Trim: premium-range model (power steering, cab, HVAC) | M-s4: 4 seater options (power steering)

Believe in greater

Finance built for you

John Deere Financial is supported by Absa, an authorised financial services provider and registered credit provider. Reg No NCRCP7.

*Terms and conditions apply (available at www.deere.com/sub-saharan).

Advertised deals are subject to credit approval and the financial bank's terms and conditions.

www.deere.com/sub-saharan | africa@johndeere.com | Customer Care: 0800 983 821

JohnDeereAfrica    



JOHN DEERE
FINANCIAL

BULLET DEFLECTION — PART I

Separating facts from speculation
when shooting through obstructions.

.308 PROJECTILES

L-R: 180gr PP and 180gr Hydro.



.338 PROJECTILES

L-R: 225gr PP, 250gr PP and 225gr Hydro.



.375 PROJECTILES

L-R: 300gr PP, 300gr RN HD, 300gr FMJ and 300gr Hydro



.458 PROJECTILES

L-R: 480gr RN SN, 480gr FMJ and 480gr Hydro



Hunting conditions in much of Southern Africa (and indeed much of Australia) would be what South Africans describe as bushveld. Good numbers of full-sized trees plus lots of scrubby, bushy growth, all interspersed with coarse grasses. Shooting distances tend to be modest but will most likely involve trying to find a clear path from the shooter to the animal. Under these conditions, one often-repeated saying is “just shoot through the brush – it’ll be fine”. With dangerous game hunting, this saying may be modified by the PH to say, “just use a solid – it’ll go straight”. I have always had doubts about this particular piece of “field wisdom” so I decided to set up a trial to find some answers.

CARTRIDGES AND BULLETS USED FOR THE TEST

I tested four cartridges. A .450 NE and a .375 H&H would cover the dangerous game cartridges,

and a .338 Win Mag and a .30-06 would cover general hunting cartridges. All rifles had scopes fitted. Because of availability, the projectiles used were all Woodleigh – codes as follows: PP (Protected Point), RN SN (Round Nose, Soft Nose), FMJ (Full Metal Jacket), RN HD (Round Nose, Heavy Duty) and Hydro (Hydrostatically Stabilised).

TEST METHOD

The shooting bench was placed 80 yards from the target. This is a good, average distance for shots at big game on a typical Africa safari. The rifle was held on the bench with a lead sled and sandbags, and the target was a paper with a crosswire-style bull that allows for a very precise hold with a scope sight.

A portable frame was made with a “window” (which could be closed by means of pulling on a drawstring) in it to hold various types of test media. The test media was clamped into the window using wooden slats at the top and bottom. The frame could be positioned at any dis-

tance between the shooter and the target. To conduct a test, the frame is set at a predetermined distance from the target and the desired media is clamped into the frame. With the window open, I lined up and adjusted the unloaded rifle on the target and the frame so that the bullet would go through the middle of the window.

After making sure the range was clear, the rifle was loaded, and a test shot fired through the open window. This was the datum shot for each particular test and the subsequent shots were measured from this datum. Each test consisted of one datum shot

followed by five shots through the media on the way to the target. The technique for these five shots was for the shooter to align the scope onto the target with the window open and then ask an assistant to close the window using the drawstring. With the window closed the shooter couldn't see the target, which meant that the bullet had to travel through the media on the way through. Finally, without moving the rifle, the shot was squeezed off, and the target examined for point of impact and the media reset.

MEDIA USED

Media used was 16mm hard-

wood dowels, and pieces of cane about 6.4mm thick. When the test was first conceived, coarse grass was also considered as a media. However, the cane had such a negligible effect that grass was not tested. As for shooting distances, the first test was at 40 yards, simulating hitting an obstruction halfway between the rifle and the animal, as well as a shorter test at 10 yards to simulate an animal standing in cover.

Although the vital heart/lung area on a big-game animal such as a buffalo could be considered fairly large, the heart area itself is only about 8" in diameter, and only a hit through the heart could

be considered a positively fatal shot. By the same token, an 8" circle would also represent the heart/lung area on smaller antelope so this was the standard used – if any bullet fell outside this area it would be considered as a failure to hit close enough to the vitals and therefore unreliable. As mentioned above, at the beginning of each test, a datum shot was fired at the target with no obstructing media. The shots fired through the media were then assessed in relation to the datum shot. If a shot fell more than 4" from the datum it would be considered to have missed the vital area.



TEST RESULTS

.450 NE

TWIST RATE: 1/14"

OBSTRUCTION: 16mm hardwood dowel, 40 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
480gr RN SN	3 scattered	4.3" and 18"	Most holes showing yawing
480gr FMJ	3 in 2.0"	4.3" and 8.5"	Some holes showing yawing
480gr Hydro	5 in 1.75"	None	One yawing

DISTANCE TO TARGET: 10 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
480gr RN SN	5 in 2.5"	None	One hole showing yaw
480gr FMJ	4 in 1.0"	5.0"	No yawing
480gr Hydro	5 in 2.0"	None	Four holes showing some yaw.

OBSTRUCTION: 6.4mm cane, 40 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
480gr RN SN	5 in 1.2"	None	Nil
480gr FMJ	5 in 1.0"	None	Nil
480gr Hydro	5 in 0.9"	None	Nil

.375 H&H

TWIST RATE: 1/12"

OBSTRUCTION: 16mm hardwood dowel, 40 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
300gr PP	None	3 shots scattered – average of 12"	Two missed the target completely. One sideways into the target.
300gr RN HD	2 in 3.5"	4.3", 6.5" and 9.0"	Three yawing
300gr FMJ	3 in 1.75"	4.8" and 8.5"	No yawing
300gr Hydro	4 in 2.75"	4.5"	Some yawing

DISTANCE TO TARGET: 10 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
300gr PP	5 in 3.0"	None	Two yawing
300gr RN HD	5 in 2.1"	None	No yawing
300gr FMJ	3 in 2.8"	4.3" and 4.5"	Four with some yawing
300gr Hydro	5 in 3.5"	None	No yawing

OBSTRUCTION: 6.4mm cane, 40 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
300gr PP	4 in 2.3"	6.0"	Nil

.338 Win Mag

Twist rate: 1/10"

Obstruction: 16mm hardwood dowel, 40 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
250gr PP	None	7.0", 7.5", 9.0" 13.3" and 13.8"	Three yawing
225gr PP	None	4 shots scattered – average 14.5"	One missed the target completely. Three sideways into the target.
225gr Hydro	5 in 2.5"	None	One showing a small degree of yawing

DISTANCE TO TARGET: 10 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
250gr PP	4 in 2.0"	5.0"	Two yawing. One sideways into the target.
225gr PP	4 in 3.0"	4.3"	All sideways into the target.
225gr Hydro	5 in 1.5"	None	No yawing

OBSTRUCTION: 6.4mm cane, 40 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
225gr PP	5 in 1.8"	None	Nil

.30-06 Spr

Twist rate: 1/10"

Obstruction: 5/8" (16mm) hardwood dowel, 40 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
180gr PP	1 in 2.3"	11.8", 14.5", 17.8" and 21.5"	Four sideways into the target.
180gr Hydro	4 in 3.0"	5.0"	Slight yawing

DISTANCE TO TARGET: 10 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
180gr PP	3 in 3.3"	4.0" and 4.1"	Three sideways into the target.
180gr Hydro	5 in 3.0"	None	Two with some yawing

OBSTRUCTION: 6.4mm cane, 40 yards

PROJECTILE	NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE	DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE	COMMENTS
180gr PP	5 in 1.8"	None	Nil



The cane media clamped in the frame with the target in the background.



The 16mm dowel clamped in the frame with a .375 H&H cartridge for comparison.

DATA SUMMARY – ACCURACY
Obstruction at 40 yards – hardwood dowel:

Soft-point projectiles proved erratic and gave the worst performance. The new 300gr Heavy Duty RN in .375 did considerably better than the PPs in this calibre. This indicates that the heavier jacket is delaying expansion and the projectile was able to hold its shape better. Out of a total of 30 soft-point projectiles, only six landed inside the 8-inch circle.

The FMJ projectiles did much better than the soft-points, although they were only tested in the two larger calibres. Of ten shots fired, six landed inside the 8-inch circle. The Hydrostatic bullets were the stand-out performers. Of 20 shots fired, 18 landed inside the 8-inch circle.

The larger/heavier projectiles performed better, a result that would have been intuitive to most shooters. Greater mass and momentum hold the heavier projectiles closer to course, even after hitting an obstruction.

Obstruction at 10 yards – hardwood dowel:

As would be expected, projectile performance was much better with only 10 yards to travel after hitting the obstruction. Of 30 soft-points fired, 26 managed to hit inside the 8-inch circle.

The FMJs did perform better when looking at all the soft-points together, however, they did show something of an anomaly in that they performed worse than their same weight/calibre soft-points. This is where a further test with a greater number of

shots would be useful to get a higher reliability average. Again, the Hydros performed best, with all 20 shots hitting the control circle. The larger/heavier projectiles performed better in this instance as well.

Obstruction at 40 yards – cane:

Cane did not seem to present much of a problem to most projectiles. Of thirty shots fired, only one landed outside the control circle.

DATA SUMMARY – ACCURACY

During the course of these tests it became quite clear that bullet stability was an issue. When a soft-point went through the dowel, it presumably started to expand to at least some degree. This expansion destabilised the bullet to varying degrees, some-

times completely, with some bullets going through the target sideways.

Where the bullet missed the target completely, it was not unreasonable to assume total destabilisation of the bullet. This then brings in another factor in addition to simple accuracy – penetration. A soft-point that has partially expanded would have much less penetration, and if the bullet was going sideways it may have no effective penetration at all, causing just a surface wound.

Both the FMJs and the Hydros are non-expanding bullets and presumably held their shape when passing through the test media. However, both types showed some degree of yawing at the target, although none showed bad keyholes or side- »



LEFT: The frame with the window closed and the target in the background. **RIGHT:** The frame with the window open and the target in the background.

» ways profiles. With solid bullets even mild or slight yawing may affect penetration in terms of both depth and possibly more importantly, their ability to penetrate in a straight line. This area really requires more testing but was outside the scope of these tests.

CONCLUSION

No doubt this can be seen as a tough series of tests, especially with the hard media at 40 yards. However, these situations can and do regularly occur on safari. Another very important thing to consider is that in the sporting/civilian application, NO projectile is designed to hit an obstruction between the rifle and target. In this respect, these series of test fall outside any design criteria and as such no projectile can “fail” a test that they were not designed to pass in the first place.

In relation to soft-points, the tests show what most experienced hunters would have instinctively reasoned, namely that if a soft-point hits anything on the way to the target, it may start to expand, and accuracy suffers. Many soft-points showed considerable yaw, with quite a number going through the target sideways, and others missed the target completely. After hitting any substantial twig

or branch, the soft-point will start to expand and this presents two problems. Firstly, accuracy suffers, but, as the bullet has already opened up to some degree, penetration would be affected as well and very unpredictable.

To give the PH comment “just use a solid” its due, the story with FMJs was much better, but still gave enough problems to cause concern. Many FMJ projectiles showed some degree of yaw at the target, although none went through sideways. This would indicate that hitting a substantial twig or branch might destabilise a FMJ

to some degree and hence also effect penetration.

As mentioned above, the Hydros were the stand-out performers and delivered unforeseen results. However, they are not infallible, and just like the FMJs, many of the Hydros showed yawing at the target that may affect penetration.

The cane media also delivered an unforeseen result. Before the tests I would have thought that 1/4” of cane would have had at least some measurable effect but it actually presented little trouble to nearly all bullets. The odd one out was a .375 bullet landing 6” from the

datum, and this illustrates that even something light and frangible may occasionally have some effect on bullet performance.

Overall, hitting any substantial twig or branch on the way to the target can have dramatic results. Lighter vegetation such as grass may have little effect, but it may still destabilise a bullet enough to affect accuracy. Bullet construction also makes a big difference in deflection. Hydros are the best, followed by FMJs and, lastly, soft-points. Probably the most important point is that NO bullet is infallible even when shooting through grass. ☹️



LEFT: The target set up for testing. **RIGHT:** The crosswire target used which allows a precise scope hold.

WHAT IS AVAXHOME?

AVAXHOME-

the biggest Internet portal,
providing you various content:
brand new books, trending movies,
fresh magazines, hot games,
recent software, latest music releases.

Unlimited satisfaction one low price
Cheap constant access to piping hot media
Protect your downloadings from Big brother
Safer, than torrent-trackers

18 years of seamless operation and our users' satisfaction

All languages
Brand new content
One site



AVXLIVE ICU

AvaxHome - Your End Place

We have everything for all of your needs. Just open <https://avxlive.icu>

STOP - PAK DIE BUL BY DIE HORINGS MET EPOL



Epól, voorste diervoervervaardiger span die jongste wetenskaplike tegnologie in om voer aan die mark te verskaf wat vir sowel grootskaalse as intensiewe wildstelsels geskik is. Die wildvoerprodukte en -mengsels is goed gebalanseerde proteïen en proteïen- en energievoere wat optimale vlakke van vitamien, minerale en spoorminerale bevat en tot uitstekende gesondheid en kondisie bydra. Met meer as 'n eeu se ervaring en kundigheid in die voerindustrie, is ons trots op ons topgehalte produkte en uitstekende diens.

Ons huidige wildreeks bevat Antelope 16%, Grazer 12%, Rhino-korrels en die selfmeng-Macro Pack 32% wat gebruik kan word om aanvullingsvoere, geskik vir wild, te maak. Dit sluit onder meer proteïene, proteïen- en energielekke, semi-*ad lib*-voere en volvoere, met of sonder ureum, in.

DIE EPOL-REEKS WILDVOERE BEVORDER UITSTEKENDE PRODUKSIE, REPRODUKSIE, HORINGGROEI EN ALGEMENE GESONDHEID.



Kontak jou naaste tegniese adviseur vir bystand om die beste oplossing vir jou behoeftes te kry.
Vir meer inligting oor ons spesifieke voere en dienste:

EPOL: +27 (0)31 242-8600 | epolinfo@rclfoods.com | www.epol.co.za | **RCL FOODS:** www.rclfoods.com

SA: Antelope 16% Reg. Nr. V528, Grazer 12% Reg. Nr. V19237, Macro Pack 32% Reg. Nr. V28626, Rhino-korrels Reg. Nr. V26505.
Alle SA-produkte is geregistreer ingevolge Wet Nr. 36 van 1947.

Namibië: Antelope 16% Reg. Nr. N-FF 3076, Grazer 12% Reg. Nr. N-FF 3077.

DIE MISVERSTAND

“Dit het soos die Boereoorlog geklink...”

Om deur vriende versoek te word om 'n driedag-jag vir hulle te reël, kan soos 'n berg voor jou lê. Let wel, dit is vriende, nie kliënte nie, en dit maak 'n groot verskil.

Dit het my 'n paar slapelose nagte besorg, maar daar was nie uitkomkans nie. Dit was ou jagtersvriende wat deur die jare al baie jaggeleenthede vir my gereël het. Die groep het uit vier gesinne bestaan: Stan, 'n ou jagmaat; Rudi 'n stadsklerk, Dave 'n prokureur en Gerald 'n ingenieur wat al baie jare saam met my jag en die reëlins aan hulle kant sou tref.

JAGTYD BREEK AAN

My vriende het Sondagmiddag in Rhodes gearriveer. Ná die verwelkoming en uitsortering van die akkommodasie het almal die dorp ingevaar om die besienswaardighede te bekyk voordat ons kort voor aandete

in die hotelkroeg bymekaargekom het om verder te gesels en nuus uit te ruil. Met soveel monde om te voed (daar was 16 van ons) het ek onwillekeurig gedink aan 'n oom van my wat altyd gesê het: “Dis so lekker as jou vriende kom kuier, maar og wat brood daarmee heen gaan.” In hierdie geval egter, het die klomp gaste die kombuis behoorlik toegegooi met kos – daar was kaste vol vrugte, eiers, vleis, graankosse, melk en nog baie meer te ete en te drinke.

Na ete het die mans vergader sodat ek hulle kon inlig oor die volgende dag se planne. Die vrouens het gesels oor plekke en tuine wat hulle wil besoek en die kinders kon uitsien na swem en baljaar met binnebande in die rivier, asook perdry-, fietsry- en staproetes.

Die plan was dat ons manne blesbokke op 'n plaas naby Barkly-Oos sou jag. Maar die jagters het net twee haelgewere saamgebring en nie gewere vir die blesbok-

HOOFFOTO: Die plaas naby Barkly-Oos. **FOTO ONDER:** Sukses! Een van die blesbokke wat deur die jagters platgetrek is.



jag nie. Ons besluit toe dat Gerald my .270 sal gebruik, Stan die 7mm en Rudi die 8mm. Dave wou nie self jag nie, maar sou die uitstappie, en doen en late van die jagters saam geniet. Hy wou ook 'n bok hê, dus bied ons aan om vir hom een te skiet. Toe word daar gesorg dat die lope skoon is en elke geweer se patrone is saam met sy geweursak reggesit. Almal was baie opgewonde en entoesiasies. Hulle kon nie wag vir die volgende dag nie.

Maandagoggend reën dit, maar ons het die gewere en padkos gelaai en in die pad geval Barkly-Oos toe. In Barkly aangekom sien ek toevallig die boer op wie se plaas ons gaan jag by die koöperasie ingaan en ek stop om hom te groet en ons reëlings te bevestig. Dit het steeds liggies gereën. Die boer was egter baie skepties oor die reën en sê dat die jag baie ongemaklik en moeilik gaan wees en hy het gewonder of ons nie op 'n ander dag wou kom nie. Ek het aan hom verduidelik dat my vriende amper 'n duisend kilometer ver gereis het en daar nie 'n ander dag kan wees nie, so ons het maar gehoop dat die reën sou opklaar. Ons reël toe om hom oor 'n uur op die plaas te sien, reg vir die jag.

Op die plaas aangekom, het die weer opgeklaar en dit het 'n mooi dag geword. Daar daag toe drie jong poliesmanne op wat lyk of hulle ook gaan jag. Die plan van aksie is aan almal verduidelik. Die bokke is gewoonlik teen die grensdraad bokant 'n groot kloof wat deur die plaas loop. Sodra hulle daar gesteur word, volg hulle meestal 'n voetpad tot op die rand van die kloof, en dan af en anderkant uit tot op 'n plato. Die jagters, tesame met die poliesmanne, word in twee groepe verdeel. Die een groep moes stelling inneem op die kloof se rand waar die bokke sou verbykom net voor hulle in die kloof af beweeg, en die ander jagters wag dan aan die ander kant van kloof tot die bokke hopelik by hulle uitkom.

Hierdie reëling het my glad nie geval nie. Ek kon sommer sien dat daar nie 'n jaggeleentheid vir my manne gaan wees nie. Dave, Stan en die drie poliesmanne is aan die bopunt van die kloof afgelaai waar hulle elk 'n skuiling gesoek het om vir die bokke te wag. Ek en Gerald is na die oorkant, van waar ons die trop se vordering kon dophou. Die boer het een van sy

werkers te perd gestuur om die diere skrik te maak sodat hulle in die rigting van die jagters beweeg. Alles het volgens plan verloop en die bokke het nog heel rustig by die eerste groep jagters opgedaag, waar die drie poliesmanne dadelik hul magasyn op die diere leeggemaak het. Dave se reaksie was heel beskrywend toe hy sê: *"We just took cover"* en reken dit het soos die Boereoorlog geklink. Stan het nie een skoot ingekry nie. Soos beplan, het die bokke kloof af gehardloop, reguit na waar ons teen die oorkantse hang weggekruip het. Nog 'n paar skote volg en die bokke het na 'n plato agter ons gevlug en daar gaan staan. Gerald kon toe 'n gekwete bok, wat 'n af voorbeen gehad het, plattrek. Die trop het in die verte teen die heining gaan staan en ons het hulle met 'n verkyker deurgekyk. Een bok het 'n pensskoot gehad en ek het hom met 'n kopskoot doodgeskiet.

Ons het die twee bokke net so laat lê en begin terugstap opstal toe. Die bakkie het ons padlangs opgetel om ons bokke te gaan haal. Toe ons by die bok wat ek geskiet het kom, kon ons dadelik sien daar was groot fout.»

» Die aasvoëls het ons voorgespring en deur twee gate in die pens die dier van binne af uitgehol. Die blesbok kon met een hand opgetel word. Tot my verligting was die boer gaaf genoeg om te sê dat ek nie vir die bok hoef te betaal nie.

Terug by die opstal het daar nou sewe bokke gelê. Ons het rondgestaan en die bokke beskouw – hulle was flenters geskiet met pens- en boudskote. Dit is toe dat die boer my eenkant toe roep en heeltemal selfvoldaan sê: “Daar is jou bokke wat jy wou gehad het, soek vir jou vyf uit.” Jy kon my met ’n veertjie omtik! Ek sê toe vir hom ons moet in my kar gaan sit, ek wil met hom praat. Ek het my saak so diplomaties moontlik gestel en verduidelik dat my vriende baie ver gekom het om elkeen ’n bok te skiet. Dit gaan nie oor die hoeveelheid bokke nie, maar oor die jag en die skiet van ’n eie bok. Ons het in elk geval nie belanggestel in bokke wat so uitmekaar geskiet is nie. Die boer was jammer oor die misverstand en het onderneem om die saak reg te stel deur ons na ’n ander deel van die plaas te neem waar daar ook ’n trop blesbokke is. Dié bokke was mak, aangesien hulle nooit gejag word nie. Hy het my verseker dat ons daar elkeen een sou kon skiet.

’N BETER PLAN VAN AKSIE

By die trop aangekom, was dit dadelik duidelik dat die situasie nou anders was. Ons het die bokke van ver af gesien en die boer het ons afgelaai en gesê ons moet te voet verder. Ons het ’n plan van aksie uitgewerk. Dave het besluit om by die boer te bly en Gerald sou probeer om vir hom ’n bok te kry. Aan die kante van die klofie waarin ons gestaan het, was daar plek-plek ouhoutbosse wat, waar nodig, as skuiling gebruik kon word, maar die grootste pluspunt was die donga wat gestrek het van waar ons gestaan het tot waar dit naby die bokke uitgeloopt het in ’n groen vlei.

Ons het ’n paar vlakvarke wat in die gras wei opgemerk. Stan het my vraend aangekyk, maar

ek het gewys “vergeet dit”. Ek het die gewere se veiligheidsknippe nagegaan voordat ons gebukkend in die sloot begin aanstap het. Ons moes ongeveer 500 treë beweeg om binne skietafstand te kom. Waar die donga te vlak geword het, ek het die manne op hul mae laat seil totdat elkeen agter ’n bossie of graspol stelling kon inneem. Die bokke was so 80m van ons af en nog rustig. Rudi het eerste geskiet, en met die klap van die skoot het die bok soos ’n klip geval. Dit het soos ’n kopskoot gelyk... tipies Rudi.

Die bokke het in die rondte gemaak, onseker waar die skoot vandaan gekom het. Stan en Gerald het amper op dieselfde tyd geskiet en die twee bokke het binne ’n paar treë geval, albei met bladskote. Ons was almal in ons noppies en daar was ’n heen en weer gelukwensery. Die boer het opgedaag en almal gelukgewens voordat ons teruggeroep het. Met die son wat laag gesit het, was daar nie tyd om verder agter bokke aan te stap nie. Ons het besluit om die drie bokke te vat en die vleis te deel. Oor die ander bokke het niemand iets gesê nie, maar ek het gemerk dat die plaaswerkers besig was om die diere af te slag.

Almal het die boer bedank en ons het die bokke gelaai, die lewers geneem en gery. In Barkly-Oos was die konsensus dat die jagters ’n bier verdien, sienende dat dit ’n lang dag was en hulle tog met vakansie is. Ons het by die hotel stilgehou en ek het besef dat as die manne met die boere van Barkly deurmekaar raak, dit laat gaan word. Ek herinner hulle toe aan ’n gesegde van my pa: “Een is genoeg, twee is te veel en drie is te min”.

Ons bly nie te lank nie en op pad terug deel ek met hulle die planne vir die volgende dag. Dit was om tarentale langs die Bell-rivier te jag, van agter die dorp tot by Maartenshoek – ’n afstand van ongeveer 5km. Ek het reeds die oewereienaars se toestemming gekry. Gerald en Stan het elkeen ’n haelgeweer gebring, terwyl Rudi en Dave my 16 en 12 boor-gewere kon gebruik.

Almal het gevries, met net een stille wens, “*Dave please don’t shoot*”. Hy was egter gefassineer deur die twee voëls wat reg op hom afpyl en toe hulle oor hom vlieg, het hy twee skote geskiet, beide mis.

TARENTAALJAG

Die volgende dag het ons die plan in werking gestel. Twee manne het vanaf die dorp stroom-af geloop, terwyl die ander terselfdertyd van Maartenshoek af stroom-op geloop het tot waar die ontmoetingspunt was. Die voëls het in die lande en wenakkers langs die rivier gewei en wanneer hulle skrikgemaak word, het hulle meestal oor die rivier gevlieg en teen die rant gaan sit. Om dan by hulle te kom, moes jy deur die rivier beweeg en teen die ander kant uit.

Naby die plek waar ons bymekaar sou uitkom, het ons tarentale in ’n oop stuk veld gewaar en probeer om hulle van twee kante af te benader. Ons was besig om die sirkel al nouer te trek en het nog net so 10 of 15 treë gehad om te gaan toe daar skielik twee geelbekeende uit die rivier opvlieg, reguit op Dave af. Almal het gevries, met net een stille wens: “*Dave, please don’t shoot*”. Hy was egter gefassineer deur die twee voëls wat reg op hom afpyl en toe hulle oor hom vlieg, het hy twee skote geskiet, beide mis. Die tarentale het behoorlik uit die gras “ontplof” en in alle rigtings gevlug. Ons het ’n paar langafstandskote gevuur en twee voëls het geval. Saam met die voëls wat langs die pad geskiet is, het ons nou darem vyf gehad. Die manne was dit eens dat hulle dié jag en gepaardgaande oefening terdeë geniet het.

REG VIR VOËLS EN HONDE

Vir die laaste dag het ek ’n patrys-jag beplan sodat die manne kon sien of hulle een uit die lug kon haal en om te ervaar hoe ’n Engelse pointer-hond te werk gaan. Dit is en was nog altyd vir my die beste deel van patrys-jag om te sien hoe die hond, as hy die reuk van die voëls kry, op volle vaart vassteek asof hy in ’n

onsigbare draad vashardloop, dan doodstil staan tot die jagters verbykom en die patryse opvlieg. As ’n patrys geskiet is, sal die pointer hom gaan haal en by die jagter se voete kom neersit.

Ek het nog altyd boek gehou van patrys-jagte en noem aan my vriende dat daar gemiddeld drie skote is vir elke patrys wat gedood word, so hulle moet nie sleg voel as hulle mis skiet nie. Maar toe gebeur ’n eienaardige ding – Rudi sê uit die bloute dat dit nonsens is, hy het net een skoot per patrys nodig. Nou, ek het al baie gehoor hoe jagters spog oor hul prestasies uit die verlede, maar nog nooit oor hoe goed hulle op ’n toekomstige jag gaan vaar nie. Ek het besluit om hom ’n streep te trek en ’n bietjie aarde toe te bring. Rudi sou die volgende dag my geweer leen en sonder om vir enigiemand te sê, besluit ek om dié geweer te laai met SSG, wat 18 korrels in het, teenoor nr 6 wat ’n paar honderd korrels bevat en waarmee ons gewoonlik jag. Die volgende dag se jag was ’n groot sukses en hulle het die werk van die pointer met verwondering gadeslaan. Daar is toe ook heelwat meer as drie skote per voël geskiet. En Rudi? Hy het, terwyl almal kyk, twee patryse met twee skote geskiet en dit was ván die moeilikste skote wat die dag geneem is!

Die aand voor my vriende se lang tog terug Natal toe, het die vrouens vir ons ’n feesmaal voorberei – boklewer as voorgereg en ’n heerlike tarentaal- en patryspastei! Die drie dae het te vinnig verbygegaan, en as dit geoordeel moes word aan die bedankings en nabetrachtings wat gereeld ter sprake was, was dit ’n besondere ervaring. Daar is ’n ou Portugese gesegde; “*Visits always give pleasure if not the arrival, the departure*”. In hierdie geval is menige stille traan weggevee. ☘

NIGHT FURY

GUN ACCESSORIES

LIGHTNING STRIKES
BUT DOES NOT ROAR



A SILENT REVOLUTION GUNS

SILENCE IS JUST ORGANIZED LIGHTNING

SILENCERS | MUZZLE BRAKES | RANGE SHIELDS | GUN ACCESSORIES | SILENCE@NIGHTFURY.CO.ZA | 012 653 0023

BBRW

GROOTHANDELAARS VAN SLAGHUIS-, BAKKERY-,
VERKOELINGS- EN SPYSENIERSTOERUSTING

JOHANNESBURG

Park-rylaan 24, Mayfair, Johannesburg

Tel: 011 833 5957 / 011 834 9373 / 082 417 6257

083 269 2558

E-pos: sales@bbrw.co.za * Webwerf: www.bbrw.co.za

Nuwe 1 000 m² vertoonkamer / Nuwe bestuur / Tegnici op die terrein

KOEL/VRIESKAMERS



KOELKAMERS (Chromadeck)
1.8m x 1.8m x 2.4m
Net boks R11 300
Toerusting R15 000

2.4m x 2.4m x 2.4m
Net boks R13 995
Toerusting R16 300

3m x 3m x 2.4m
Net boks R17 000
Toerusting R18 100

BANDSAAG

Swaardienstipe
380V
Gratis
biltongroër



R16 995.00

VLEISMEUL

42-380V
R20 995.00
52-380V
R39 995.00



BILTONGKABINET

245l
580 x 460 x
1 080mm
R6 595.00
1 250l
1 000 x 740 x
2 015mm
R17 595.00



**BILTONGKABINET
+ BEROKER 2-in-1 R3 995.00**

SKAAL



R1 799.00

HANDTIPE BILTONGKERWER



R899.00


HANDTIPE VLEISMEUL

NO. 22 R899.00
NO. 32 R1 200.00



170L KOOKTOESTEL

R21 995.00



VRIESKAMERS

1.8m x 1.8m x 2.4m
Net boks R11 995
Toerusting R18 500

2.4m x 2.4m x 2.4m
Net boks R15 995
Toerusting R23 000

3m x 3m x 2.4m
Net boks R19 500
Toerusting R23 000

TREGTERS

VERSKEIE TREGTERS
IN VLEKVRYE STAAL
EN PLASTIEK



WORSSTOPPERS

ING 4 VLEKVRYE STAAL
TREGTERS IN VLEKVRYE STAAL



REGOP YSKAS

SCW688



KISVRIESKAS

225 l R2 495.00
310 l R3 850.00
460 l R3 995.00
530 l R4 995.00
590 l R5 510.00



VLEISKOEKIEMAKER

100mm
R499.00
130mm
R599.00



KOUVLEISSNYER

220mm R4 995.00
250mm R6 995.00
300mm R8 995.00



BEROKER, 170L

R21 995.00



ELEKTRIESE VLEISMEUL

(Italiaans)
REBER MET VLEKVRYE
STAAL-RATTE

12 R4 195.00
22 R5 100.00
32 R7 500.00



VLEISMEUL SIWWE EN LEMME

3 l R1 795.00
5 l R1 995.00
7 l R2 995.00
10 l R3 495.00
15 l R4 295.00



DUBBELWASBAK

Enkeldeur
R7 500.00
Dubbeldeur
R8 495.00
Demo-yskas
R5 500.00



VLEISVERSAGTER

R9 995.00
Staander
nie ingesluit



KARKASSKAAL

300 X 400mm R120.00
250 X 300mm R 80.00
150 X 250mm R 50.00
(100 sakke)



SAKKE

1.5m - 510 l R6 956.00
1.625m - 600 l R11 995.00
1.8m - 650 l R12 995.00
2.2m - 700 l R13 995.00



VRIESKAS MET GLASBOKANT

R13 995.00



VAKUUMMASJEN

DZ300 R9 995.00
DZ400 R11 500.00



BILTONGKERWER

0.75KW R3 895.00



VLEKVRYE STAAL-TAFEL

1.1m R1 195.00
1.7m R1 450.00
2.3m R1 850.00



TOEDRAAIMASJEN

R3 495.00




KOELKAMER OP SLEEPWA MET PAPIERE

R31 995.00 Slegs padgebruik



MOBIELE KOELKAMER

R32 500.00



VERTOONYSKAS

R13 995.00




RYGBRAAI & OONDOOSTER

R4 595.00



ALLE PRYSE BTW UITGESLUIT

Ons het alle tipes slaghuistoerusting in voorraad.



LINKS NA REGS: Dawid Viviers, Willem van Niekerk en Etienne de Wahl.

Eerste en laaste olifantjag

Daardie nag by die olifant sal ek nooit vergeet nie...

Waarom iets, wat normaalweg nie baie snaaks sou wees nie, so snaaks word as dit in die jagveld gebeur, kon ek nog nooit verklaar nie. Is dit omdat ons meer ontspanne raak? Wie weet, maar dat lag, veral om die bosveldvuur, deel van jag is, is vir seker.

Hierdie verhaal van agterna baie lag, het byna vyftig jaar gelede plaasgevind op 'n yskoue nag vroeg in Augustus 1971. Die gebeure speel af seker so 200km noord van Vryburg in die trustgebiede (soos dit destyds genoem is), naby die gehuggie Makgobistad...

DIE EERSTE DEEL VAN DIE STORIE
Vooraf hoor ons gerugte dat 'n groot olifantbul van die suide van

Botswana af oor die Moloporivier na Suid-Afrika deurgebreek het. Die vertelling wil dit hê dat hy amok maak so ver as wat hy gaan. Hy is kwaad, is waarskynlik deur van die jonger bulle uit die trop gestoot en toe vat hy die pad suid. Breek windpompe af, loop deur beesdrade, breek sementdamme en veroorsaak groot skade.

Die saak word deur die polisie onder Fauna en Flora (vandag Natuurbewaring) se aandag gebring. Die eerste belaglike versoek aan die boere kom deur: Probeer hom terugjaag Botswana toe en julle mag hom nie skiet nie. Geen boer probeer hom terugjaag nie, maar dan breek hy deur na die trustgebiede toe, menselewens kom in gedrang,

en 'n paar van die inwoners het noue ontkomings.

Uiteindelik kom Fauna en Flora se opdrag aan die polisie: skiet hom. Nie een polisieman op Vryburg weet enigiets van grootwildjag af nie. Kaptein Botha besluit hy gaan 'n bekende jagter op Vryburg nader om die probleem op te los en die taak word terstond aan Dawid Viviers, 'n bekende prokureur, gegee. Die versoek is ook dat Dawid 'n jagspannetjie van sy keuse kan saamstel en so word ek, Etienne de Wahl, 'n plaaslike ouditeur en Willem van Niekerk, die balju, deur Dawid opgekommandeer om hom te vergesel.

Met die hele span se jagkoors reeds in die rooi, word besluit die beste ding om te doen is om

die bul eers met Etienne se vliegtuig op te spoor. Sô word die bul vinnig opgespoor in die omgewing van 'n koppie, so 20km van die naaste woongebied.

Teen tienuur is Etienne terug en ons vat met drie bakkies die R378, verby Ganyesa in die rigting van Tosca en van daar die Vorstershooppad en stop op Morokweng. 'n Plaaslike boer wat die omgewing goed ken, sou daar vir ons wag. Ons los die een bakkie op Morokweng om ons bewegings meer vaartbelyn te maak. Alles werk mooi volgens plan en die boer neem ons die trustgebied in totdat ons die koppie kan sien waar die olifant vroeër uit die lug gesien is.

AGTER DIE OLIFANT AAN

Dan groet die boer ons – hy is nie lus vir hierdie gevaarlike twak op 'n Saterdagmiddag wanneer Gerhard Viviers 'n groot rugbywedstryd uitsaai nie.

Dis gelyk wêreld met heelwat kameeldoringbome, vaal- en rosyntjebos en ons besluit om maar suid om die koppie te ry. Toe ons hom aan die voet van die koppie sien staan, stop ons net daar en praat strategie. Dawid word aangewys as jagter, met Etienne agter hom, reg vir 'n opvolgskoot. Willem en kaptein Botha sou by die twee bakkies bly net ingeval die olifant in daardie rigting storm. Ek, toegerus met 'n radio, moet die twee jagters vergesel sodat ek met die kaptein kon praat.

Sonder om eers die windrigting in ag te neem, begin stap ons reg op die reusedier af, Dawid voor met sy .500 NE (met *solids*) en Etienne met sy .375 reg agter hom. En dan ek, net met die radio'tjie.

So 200m van die olifant af begewe my moed my en ek sê: "As julle daai olifant kwes, het ek net die radio om myself mee te verdedig. Ek gaan in hierdie kameeldoringboom klim, so hoog as wat ek kan en ek sal julle daarvandaan dophou."

Hulle stem in en ek klim. Gelukkig is dit 'n lekker klimbare boom en ek, net 26 jaar oud, is gou bo in sy takke.

Toe ek my sit mooi kry, stap hulle weer aan, reguit olifant toe. (Terloops, die onervare Dawid het vooraf olifantjagboek geraadpleeg waarin hy gelees het dat dit algemene praktyk is om jou eerste skoot op minder as 30m te vuur – reg tussen die oë op die eerste rif.) Met die oopvisier sou dit die enigste manier wees om min of meer van 'n doodskoot verseker te wees.

Ek hou hulle dop... Stedig hulle vorentoe. Ongeveer 100m van die olifant af sien ek hy begin skielik onrustig raak. Hy trap rond en draai sy slurp soek-soek in hulle rigting. Hy ruik hulle nou nie net nie, maar ek dink hy sien hulle dalk ook en die twee manne stap steeds reg op hom af.

Op presies 30m (ons sou dit later aftree) gaan staan die twee en ek sien hulle tel gewere op. Die bul staan nog en snuif in hulle rigting, skree en laat sak skielik sy slurp, klap sy ore en dan storm hy. Op 25m klap Dawid se skoot. Die skoot stop die olifant se momentum en stamp hom so in sy spore terug dat hy op sy sitvlak gaan sit. Hy probeer weer regop kom, gryp-gryp met sy voorpote in die lug, en sak dan stadig op sy voorpote neer. Etienne beweeg vinnig om en skiet van die sykant af 'n finale breinskoot.

Ek laat weet die kaptein en vir Willem hulle kan maar die twee bakkies nader bring en stap met lammerige knieë in die rigting van die olifant en kry twee spierwit geskrikte jagters daar – dit was naelskraaps! Stom staan ons drie by die reus, eens sekerlik die leier van 'n trop en ons haal hoede af soos ons geleer is.

DIE RES VAN DIE STORIE

'n Hele paar boere en plaaslike inwoners van die omgewing het net ná Willem en die kaptein ook daar begin aankom. Op een van die vergeelde koerantfoto's in my besit is ons nie minder nie as tien stuks by die olifant.

Ons radio Fauna en Flora op Mafeking (vandag Mahikeng) en hulle instruksies is dat ons nie aan die olifant mag raak voordat hulle veearts daar is nie.

Hy wou die inhoud van die maag ontleed, en toe kom nog 'n radioboodschap: Die veearts sou eers die volgende oggend daar kon wees. Dit was reeds te laat vir hom om ons voor sonder te bereik.


Met net die vyf van ons oor, kan ons ietsie vir die senuwees (waarvan daar heelwat is) gebruik. Ons maak kameeldoringhout bymekaar en steek 'n vuurtjie aan om die twee skaapribbetjies te braai wat Willem saamgebring het. (Dat ons veronderstel is om die aand nog terug op Vryburg te wees of 'n ooreenkoms het met die veearts die volgende oggend, was nie juis vir ons 'n prioriteit nie.)

'N BITTER NAG DEURGEWORSTEL

Maar uiteindelik dring die besef tot ons deur: Dis pikdonker en daar is geen manier wat ons die pad deur die bosse na Morokweng sou vind nie. En skielik tref die ergste Augustuskouefront ons uit die bloute, met 'n suidewind soos dit net in die Kalaharivlaktes kan waai en die temperatuur tot heelwat onder vriespunt laat daal. Ons het net kortmouhemde aan en ons maak vuur om warm te bly, tot dat alle hout binne loopafstand opgebruik is.

Ons eet skaapribbetjie en brood, maar die koue wind sny bitter diep. Dis glad nie meer lekker nie en die kaptein sê hy gaan maar voor in sy (enkelka-juit)bakkie probeer slaap. Willem doen dieselfde in sy bakkie. Ek, Dawid en Etienne bly alleen agter en ons sit al nader aan die bietjie hitte wat die amper dooie kole nog afgee. Ons maak planne – hier dood ons vannag! Gaan die olifant ons tog op 'n manier terugkry?

Uit desperaatheid besluit ons om die olifant se rug as beskutting teen die suidewind te gebruik. Dawid gaan lê teen die olifant, ek in die middel en Etienne aan die buitekant. Etienne is 'n groot man, maar veral groot om die middel. (Hy kon byvoorbeeld soggens in die jagveld nie self sy skoenveters vasmaak nie.) Ons lê al stywer teen mekaar. Ek sou nooit in my wildste drome



Die McGregor Memorial Museum in Kimberley

kon dink dat ek so verleë kon lepel lê tussen twee mans nie. Maar nood leer bid en die olifant se massiewe liggaam keer die wind feitlik heeltemal af.

Ons het nie lank gelê nie, of ek verbeel my die wind maak ánder geluide. Sou hy dalk verdere momentum vat? Maar dan weer duidelik: Dis die olifant wat besig is om op te blaas (en af te blaas?) en die groot wind wat hy uitlaat, klink soos 'n enkelgeweerskoot. Dan, weer en weer en dis later 'n masjien-geweer, en die aroma is glad nie meer neutraal nie. En ons weet, vanaand moet ons óf dood van koue, óf ons moet die nag deurworstel, styf teen die olifant se rug, met 'n klank wat mettertyd aan jou maag sal begin vat.

Ek kan nie onthou wie van ons eerste moes opspring nie, maar ons mae het ons later beurte laat maak, en dan telkens moet ons maar weer terug na die kwaad. Hierdie slaaplose nag sal ek in my lewe nooit vergeet nie. Dis die koudste wat ek nog ooit gekry het en saam met die koue, ook die siekste wat ek al in die jagveld was.

Teen ligdag is ons vaal, honger, en bewerig, want ons het niks oorgehou van die vorige aand se skaapribbetjie nie. Ons maak 'n nuwe vuurtjie, so ver as moontlik (wind-op) van die olifant af. So tienuur Sondagoggend daag die veearts op, gelukkig met helpers, sodat dit genadiglik nie vir ons nodig is om ook te help pens oopsny nie...

KOERANTSKE EN NABETRAGTING

Die *Diamond Fields Advertiser*, Kimberley se koerant van daardie tyd, het by 'n foto van die

gevalle reus die volgende byskrif geplaas: *"The tusks and the heart of the elephant have been donated to the McGregor Memorial Museum in Kimberley. Dr Richard Liversage, director of the museum said the tusks and heart would be displayed at the museum for a couple of months. The trunk was claimed by Mr Dawid Viviers of Vryburg, who shot the animal. Mr Viviers said he would have it preserved as a souvenir."*

"Commenting on the shooting of the elephant, which plagued farmers and scared Africans for a week, Dr Liversage said: 'I compliment the police on their enlightened approach to this problem. They tackled it admirably – in sympathy with the animal and with the people they had to protect.'"


Het dr. Liversage maar geweet van daardie koue nag by die olifant!

Dis byna vyftig jaar later. Etienne de Wahl en Willem van Niekerk is lankal nie meer by ons nie. Wat van kaptein Botha geword het, weet ek nie. Dawid Viviers (broer van die bekende radio-omroeper Gerhard Viviers) het ons gedurende Januarie 2020 verlaat.

En tot ouderdom of dalk Covid-19 my ook kom haal, dink ek met die grootste heimweë terug aan my enigste olifantjag en aan hulle wat daardie nag saam met my koud gekry het. As die Liewe Heer my vorentoe ook roep en ek een wens vir oulaas toegelaat word, sou ek vra vir vlerkies sodat ek net nog een keer verby daardie koppie in die Kalahari kon vlieg. 🌍

DIE LANK EN DIE KORT VAN SEKSIONELE DIGTHEID

Wanneer die kombinasie van lengte, massa en spoed regtig saak maak...



BO: George Grey, die man wie se dood deur 'n gekwete leeu 'n dekadeslange debat oor seksionele digtheid van stapel gestuur het.

REGS: 'n Uittreksel uit 'n katalogus van die bekende Britse geweermaakers W.J. Jeffery & Co wat dateer uit die 1920's. Te oordeel aan die laaste paragraaf was Jeffery deeglik bewus hoe effektief groot, swaar koeëls op grootwild was.

Een van die meer populêre tydverdriewe in die Kenia van die vroeë 1900's was die jag van leeus te perd. Leeus is as pesdiere beskou in daardie tye en is min of meer op sig doodgeskiet, baie anders as die Afrika van vandag waar wilde leeus as 'n baie waardevolle kommoditeit gesien word.

Een man wat aan hierdie gevaarlike tydverdrieff deelgeneem het, was George Grey, 'n Engelsman van edele geboorte en die broer van die destydse

Britse buitelandse sekretaris, Sir Edward Grey.

Op die oggend van 29 Januarie 1911 het George Grey 'n leeu mannetjie met sy .280 Ross gekwes. Die .280 was 'n rooi-warm nommer vir sy tyd wat 'n 145gr-koeël teen byna 2 900vps geskiet het, en was rofweg die ekwivalent van 'n .270 Win-

chester of 7x64 Brenneke in vandag se terme.

Grey se eerste skoot is op langafstand geskiet en die leeu het hom gestorm, waarna hy van sy perd afgespring het om die stormloop tegemoet te gaan. 'n Skoot op die stormende leeu vanaf ongeveer 25m het geen effek gehad nie, en so ook nie 'n

volgende skoot op 5m nie. Die leeu het Grey in die hande gekry en hom baie ernstig gekrap en gebyt. Twee van Grey se medejagters het op hierdie stadium die tragiese toneel bereik en die leeu uiteindelik doodgeskiet, onderskeidelik met 'n 6,5x54 Mannlicher-Schönauer en 'n .450 NE. Grey se wonde



was egter baie ernstig en hy is 'n paar dae later in die hospitaal dood en in Nairobi se begraafplaas begrawe.

Grey se dood en die omstandighede wat daartoe gelei het, is deur die jare al vele keer bespreek. Die meeste mense sal saamstem dat 'n .280 Ross hoe genaamde nie die beste medisyne vir 'n leeu is nie, maar dis ook 'n feit dat die .280 'n leeu onder die regte omstandighede sal doodskiet. So die vraag bly staan: Wat het fout gegaan?

Die eerste ding wat in ag geneem moet word, is dat ammunisie vir kalibers soos die .280 Ross destyds gelaai was met koeëls wat meer ontwerp was om die betrokke kaliber se ballistiese vermoëns (en derhalwe bemarkbaarheid) 'n hupstoot te gee in plaas van om te penetreer. 'n Ondersoek na die tyd het getoon dat skootplasing op die leeu wat Grey doodgemaak het, nie die probleem was nie. Een koeël het die leeu in die bors getref en een van die ander was 'n kopskoot. Beide koeëls het egter bykans op impak gedisintegreer en het feitlik geen penetrasie gelever nie.

Ten tye van Grey se dood was dit mode in sekere kringe om groot, gevaarlike wild met kleinkalibergewere te skiet. Een van die grootste "sondaars" in hierdie verband was 'n Skot met die naam Walter Dalrymple Maitland Bell. Hy is waarskynlik die bekendste van al die ou ivoorjagters en is bekend vir die gebruik van kalibers soos die 6,5x54, 7x57, .303 en .318 om groot getalle olifante mee te skiet. Bell het selfs in van sy skrywes sover gegaan as om die gebruik van grootkalibers af te maak, so hy was 'n toegewyde kleinkaliber-aanhanger.

Wat egter Bell se keuses van kleinkalibers in 'n ander klas as die .280 van George Grey geplaas het, was die feit dat hy verkies het om soliede volmantelkoeëls te gebruik vir sy jagte. Bell se .318 was 'n goeie voorbeeld: Die .318 het 'n 250gr-solid teen 'n geadverteerde 2 400vps geskiet, en dit was 'n

lading wat uitstekende penetrasie op grootwild gegee het, insluitend olifante.

WAAROM SD BEPALEND IS

Een van die ander dinge wat die .318 gehad het wat George Grey se .280 ook nie gehad het nie, is iets genaamd seksionele digtheid. In eenvoudige terme is seksionele digtheid (of SD, in kort) die resultaat van 'n berekening wat 'n koeël se massa vergelyk met die frontale area. SD word bereken deur die koeël se massa te deel deur die frontale area in vierkante duim, gedeel deur 7 000. Die eindresultaat van hierdie stukkie berekening is dus dat hoe hoër die SD van 'n spesifieke koeël, hoe swaarder is dit in verhouding tot die frontale area. Let asseblief ook net daarop dat 'n koeël se vorm (byvoorbeeld spitser, rondeneus, ens.) geen invloed het op SD nie, en dat die SD dieselfde is vir alle koeëls met dieselfde massa en van dieselfde kaliber.

Hoekom is SD so belangrik? Wel, as ons aanvaar dat alle ander faktore soos impakspoed, massa, ontwerp, en die tempo waarteen die koeël uitsit dieselfde is, sal 'n koeël met 'n hoër SD beter penetreer as 'n koeël met 'n laer SD, aangesien die momentum gekonsentreer is in 'n kleiner area. Steeds deurmekaar? Kom ons gebruik die voorbeeld van twee verskillende koeëls, beide 300gr in gewig. Die een is 'n .375"-koeël en die ander 'n .458"-koeël. As ons die twee langs mekaar neersit is dit duidelik dat die .375"-koeël langer is as die .458"-koeël wat dieselfde weeg, en die .375"-koeël het heel duidelik 'n kleiner frontale area. As beide koeëls van dieselfde ontwerp en konstruksie geskiet word teen identiese trompsnelhede en in dieselfde medium in, is dit 'n redelike veilige weddenskap om aan te gaan dat die .375"-koeël dieper gaan penetreer as die .458"-koeël. Die rede hiervoor is SD: die .375-koeël se SD is .305 maar die .458"-koeël het 'n betreklik karige SD van .205. Dít, in 'n neutredop, is SD *for dummies*. »



Alhoewel die twee koeëls in die foto nie dieselfde konstruksie of vorm het nie, is hierdie 'n goeie illustrasie van die verskil in die SD van 'n 300gr .458-koeël (links) in vergelyke met dié van 'n 300gr .375-koeël (regs). Die massa van die twee koeëls mag dieselfde wees, maar die .375-koeël het 'n radikale beter SD!



Die 140gr 7mm-koeël (links) is soortgelyk aan die koeël waarmee George Grey die stormende leeu onsuksesvol mee probeer stop het. In die middel is 'n 250gr .318 Westley Richards-koeël met 'n uitstekende SD van .328. Die omgeklinkte koeël het 'n groot vlakvarkbeer met 'n frontale skoot in sy spore laat neersak nadat dit feitlik dwarsdeur die dier gepetreeer het. Dit alles danksy goeie SD en konstruksie.



Alhoewel die 160gr 6,5-koeël (links) met die eerste oogopslag wil voorkom asof dit beter SD as die 500gr .458-koeël (regs) het, is die .458-koeël se SD 'n indrukwekkende .341 in vergelyking met die 6,5-koeël se SD van .328.

» GEBOU VIR SPOED

Met SD uit die pad uit, is die ander faktor wat saamgespeel het om George Grey dood te maak, koeëlkonstruksie, of meer spesifiek, die gebrek daaraan. Soos vroeër genoem, was die koeëls wat gelaai is in die warm kleinkalibers van die vroeë 1900's gemaak met baie dun nikkel- of kopermantels. Dié koeëls was meer gemaak om blitsvinnig uit te sit en nie noodwendig vir penetrasie nie. Wanneer so 'n potensiële stukkie skrapnel uit 'n warm nommer soos die .280 Ross geskiet is, was die resultate amper gelykstaande aan 'n mini-ontploffing aangesien die koeëls in baie gevalle op impak gedisintegreer het. Dit het soms gewerk met kleiner bokke soos springbokke en dies meer, maar wanneer ons 'n befoeterde leeu in die springbok se plek sit, val die pap op die grond.

Die oorspronklike jag-“koeël” was 'n pyl met 'n punt van klip, of 'n spies. Eventueel, met die ontwikkeling van wapens, het dinge aanbeweeg na 'n ronde loodbal, en toe die moderne jagkalibers wat ons vandag ken op die toneel verskyn, het koeëls met 'n mantel en loodkern hulle verskyning gemaak.

Die eerste rooklose kalibers wat op die toneel verskyn het, was kalibers soos die .303, 8x57 en 7x57. Met die groot hupstoot in trompsnelheid wat hierdie kalibers gebied het, danksy nuwe dryfmiddels soos kordiet (wat sedert die 1890's beskikbaar was), is gevind dat gegiete lood nie meer die mas kon opkom nie en nie diep genoeg gepenetreer het nie. Die ontwikkeling van mantel-en-loodkernkoeëls was dus die volgende logiese stap. Vir militêre gebruik was volmantelkoeëls genoodsaak deur die Den Haagse Konvensie van 1899, en ammunisie gelaai met hierdie koeëls het vinnig opgeduik in die hande van manne soos Bell. Hierdie koeëls het genoeg penetrasie gebied om diere soos olifante en buffels suksesvol dood te skiet,

en hulle het almal dieselfde dinge in gemeen gehad. Al die koeëls was lank met 'n goeie SD, en trompsnelhede was ook redelik matig: dit het gewissel van 2 000 tot 2 400vps. Dit was 'n resep vir goeie penetrasie.

PENETRASIE STEEDS 'N PROBLEEM

Daar was egter 'n probleem. Volmantelkoeëls, selfs dié wat goed geplaas was, het nie altyd genoeg skade aangerig om diere vinnig te dood nie. In baie gedeeltes van die wêreld was jagters meer gepla om diere vinnig dood te skiet en aangesien die spesies nie daar voorgekom het nie, was goeie penetrasie in olifante en buffels nie iets om te oorweeg nie. Verskeie vervaardigers in die VSA, Brittanje en Duitsland het navorsing en eksperimente gedoen oor sagteneuskoeëls en ook ammunisie gelaai met sulke koeëls, maar die eindresultate in daardie tye was nie altyd bevredigend nie.

Veral die Duitse en Britse vervaardigers was in die vroeë-1900's in 'n stryd gewikkel om die oorhand oor mekaar te kry, en dosyne nuwe kalibers is in hierdie era bekendgestel om maksimum voordeel uit rooklose dryfmiddels te kon put. Die .280 Ross is 'n baie goeie voorbeeld hiervan. Die .280 se trompsnelheid was destyds groot nuus, maar die sagte 145gr-koeël wat deur die ammunisievervaardigers gebruik is, kon glad nie met die hoë trompsnelheid byhou nie. Om dinge te vererger, was baie van die sagteneuskoeëls van die tyd juis ontwerp om kort na impak op te breek. Op kleinwild het dit soms gewerk, maar dit was 'n resep vir moeilikheid as dit by grootwild gekom het.

Die Duitsers was lief om sulke ontplof-koeëls te laai in kalibers wat vir grootwild bedoel was, soos die 9,3x62. Die Britte was egter soms net so skuldig en het dieselfde gedoen met twee gesoute Afrika-kalibers, die .318 Westley Richards en .404 Jeffery. Ons het reeds oor die .318 se legendariese penetrasie gesels, maar kort na

die kaliber bekendgestel is, het 'n lading wat van 'n baie sagte 180gr-koperpuntkoeël gebruik gemaak het teen 2 700vps, op die mark gekom. Diegene wat dit probeer het, het dit bykans onmiddellik afgesweer en teruggegaan na die 250gr-lading met sy SD van .328. Die 250gr-lading het diep en reguit gepenetreer en die Kynoch-koeëls van die dag het hulle gewig mooi behou. As George Grey met 'n .318 met die standaard-250gr Kynoch-sagteneuskoeëls gewapen was, vermoed ek hy sou dalk net sy noodlottige afspraak met die leemannetjie oorleef het.

LIGTER MASSA DIE ANTWOORD?

Die Britse eksperiment met liggewig 300gr-koeëls teen 2 600vps in die .404 Jeffery was min of meer dieselfde. Johan Taylor het niks goeds oor dié lading te sê gehad nie. Hy het dit duidelik gemaak dat dit sleg gepenetreer het en dit afgemaak as 'n kweslading. Net soos met die .318, het jagters stil-stil teruggegaan na die bewese 400gr-lading en die 300gr-eksperiment in die .404 het 'n stille dood gesterf.

Sou die liggewig .318- en -.404-ladings beter gevaar het met koeëls van beter konstruksie? Ons kan hieroor spekulêr, maar beide ladings se koeëls het 'n swak SD gehad en daar is ook net soveel wat koeëlkonstruksie kan doen om vir hierdie gebrek te kompenseer.

Desnieteenstaande SD, is daar sommige voorbeelde waar dit minder van 'n faktor is. Een so 'n voorbeeld is die uitdunning van wild, en hier is die norm kop- en nekskote ten einde die bok so vinnig as moontlik te dood en vleis te spaar. As gevolg van die skootplasing is penetrasie minder belangrik en die massiewe trauma deur 'n koeël wat teen meer as 3 000vps die dier tref, veroorsaak genoeg skade. Ek is redelik seker dat baie diere wat uitgedun is, nooit eers geweet het dat daar op hulle geskiet is nie. Die massiewe brein of spinale skade sit die ligte onmiddellik af.

Ek moet bieg dat ek al 'n hele klompie rooibokke, springbokke en blesbokke met vinnige, liggewigkoeëls doodgeskiet het met standaard-agter-die-bladskote. Die kalibers wat ek gebruik het, is die .243 Winchester (85gr Sierra GameKing teen 3 200vps) en die .25-06 Remington (100gr Nosler Ballistic Tip teen 3 300vps). Ek was elke keer baie versigtig om die koeël agter die blad van die dier wat plankdwars staan, te plaas, omtrent 'n derde van onder af. In bykans elke geval het die bok nêr daar neergeslaan of net 'n boksprong of twee gegee voor dit verby was. Die ligte, vinnige koeëls het geweldige skade aan die longe aangerig. Ek kon egter nooit 'n omgeklinkte koeël ná so 'n skoot herwin nie, so alhoewel dit op die kleiner bokke gewerk het, is dit nie iets wat ek hoegenaamd op 'n groter bok soos 'n blouwildebees sal probeer nie. Met die groter diere is penetrasie noodsaaklik om genoegsame skade aan die lewensbelangrike organe aan te rig, met ander woorde goeie SD en goeie koeëlkonstruksie.

DOELTREFFENDE DOODSKOTE

So, na al die bewyse op die tafel geplaas is, wat is nodig om diere vinnig en doeltreffend dood te skiet? Met lyfskote op groot en taai diere waar penetrasie noodsaaklik is, verkies ek 'n kombinasie van goeie SD, goeie koeëlkonstruksie, en genoegsame snelheid. Swaar koeëls wat goed ontwerp is, behou gewig en penetreer dus goed. Met gevaarlike wild, veral olifante, is goeie volmantel- of monolitiese koeëls selfs nog meer belangrik, aangesien die koeëls deur dié diere se massiewe skedels en bladbene moet penetreer om die hart of brein te bereik. Hierdie is definitief nie die tyd en plek om lig-virkaliberkoeëls wat vinnig omklink, te gebruik nie!

Goeie SD, tesame met goeie koeëlkonstruksie, is 'n wenresep. Dit werk – en dit werk goed – op enige dier onder feitlik enige omstandighede. ☘

NORTHERN CAPE PH SCHOOL

**7-month specialist PH course -
Book now for 2021!**

Ideal for a gap year after matric.

- Students will hunt, guide and fish for 7 months.
- Students will each hunt a kudu, blue wildebeest, red hartebeest, blesbok, warthog, 7x springbuck and 1x black springbuck.

Students will be market ready after course - ready for employment.

For more information, call

Mynhard:
083 262 1891
or email:

mhhs@mweb.co.za

www.ncph.co.za



Mynhard Herholdt

la.va®

Kwaliteit ingevoerde vakuumverpakkingsmasjiene en vleisverwerkingstoerusting
Twee jaar waarborg.



SA JAGTERSLEDE MET BEWYS VAN LIDMAATSKAP KRY

- 5%-AFSLAG OP MASJIENE
- 10%-AFSLAG OP SAKKIES

Besoek ons aanlynwinkel by www.lava-sa.co.za

E-pos: info@lava-sa.co.za | anneke@lava-sa.co.za

Sel: 072 160 5556



**NO NEED TO HUNT FOR
THE PERFECT SPICE
- WE'VE GOT IT!**

- | | |
|--------------|--------------------------|
| • Spices | • Speciality Ingredients |
| • Herbs | • Sauces & Marinades |
| • Seasonings | • Sausage Casings |
| • Marinades | • All Hunting Goods |
| • Packaging | • Butchery Requirements |

Shoot to our store for a Blast of Flavour

924 Paul Kruger Street, Mayville, Pretoria

T +27 (0)12 023 0119

Alternatively, contact our head office for the ultimate spice experience, hot deals and flavourful service.



T +27 (0)11 794 8096

E info@spicegro.co.za

W www.spicegro.co.za

**BLITZ
BLADE SHARPENER**

Any blade super sharp
in a *Blitz!*

0823761835
mooiblitz@gmail.com
www.blitzblade.co.za

Includes 2 belts

Dovetail Wooden Boxes

- Standaard-ammunisiekassie: R470
- Graving ekstra.
- Kan landswyd koerier @ R100
- 100gat-rubber/hout-herlaaiorde. R250
- 50gat-rubber/hout-herlaaiorde. R200
- Kan twee herlaaiorde vir R100 koerier.

IDEALE GESKENK

Lizelle Louw: 083-257-4041 | E-pos: lizellelouw@gmail.com
www.dovetailwoodenboxes.com

Die ou Grieke het geglo dat as 'n feniks sterf, daar uit die as van die gestorwe voël 'n nuwe een gebore word. Dit het my dadelik aan my Musgrave RSA Vrystaat-model laat dink. Maar wag, kom ek vertel die storie van sy begin af...

Alles het in oom Boetie Agenbag se garage begin waar ek en my twee groot vriende, Boetie Agenbag en Patrys van Niekerk, 'n gedistilleerde sappie genuttig het. So met ons geselsery kom dit uit dat Patrys 'n geweer in .270 Win het – 'n kaliber waarvoor ek op daardie stadium die perfek-

te gaatjie in my kluis gehad het.

Patrys het die geweer van sy pa, oom Attie, geërf. Oom Attie, op sy beurt, het die geweer in die 1970's by Federated Timbers in Springbok gekoop. Op my vraag of Patrys nie die roer wou verkoop nie, was die antwoord negatief, en so gaan daar toe sewe jaar verby.


Op 'n môre sit ek en Patrys in sy kantoor en uit die bloute vra hy of ek nog belangstel in sy .270. Ek het dadelik ja gesê en gevra of ek die roer kon sien. By nadere ondersoek sien ek toe dit is 'n Musgrave RSA Vrystaat-model, en ek moes net eenvoudig dié geweer hê!

MUSGRAVE RSA VRYSTAAT-MODEL .270 WIN – SOOS 'N FENIKS UIT DIE AS

Nuwe lewe vir 'n ou Musgrave.



My Musgrave Vrystaat in .270 na al die harde werk. Die geweer lyk weer spoggerig en is 'n plesier om mee te jag.



Hier is ek besig om die duike uit die hout te stoom met behulp van 'n strykyster en 'n nat lap. Doen dit liefste as jou wederhelfte (wat die strykyster besit) nie tuis is nie!



Die Musgrave se hout het maar bleek gelyk toe die oorspronklike laag vernis afgeskuur is, maar dit het gou weer lewe gekry nadat ek dit met olie begin behandel het.

AFRIKANA UIT BLOEMFONTEIN

Die Vrystaat-model is eintlik 'n skaars geweer en regte Afrikana. Ben Musgrave (jr.) het die aksie in 1969 binne drie weke in sy studeerkamer ontwerp. Hierdie model was slegs vanaf 1971 tot 1978 op die rakke beskikbaar. Lyttelton Engineering Works (LEW) het die aksie vervaardig en moes noodgedwonge vervaardiging in 1976 staak om aan die weermag se toenemende behoeftes te voldoen.

Daar is altesaam net sowat 10 000 RSA Vrystaat-model gewere vervaardig, so nodeloos om te verduidelik waarom ek Patrys se geweer móés hê. Ons het op 'n prys ooreengkom en ek het die trotse eienaar van een van die 10 000 RSA Vrystaat-model Musgraves in die land geword.

Die geweer was ongelukkig in 'n gehawende toestand. Die loop was binne groen aangepak en is in sy leeftyd nog nooit behoorlik skoongemaak nie. Aan die toestand van die kolf kon 'n mens sien dat die geweer bloot 'n gereedskapstuk was en heelwat kere agter die bakkie se sitplek saam met die handpomp moes ry. Die kolf het ook so 'n paar groen strepe op gehad. Daar het dus 'n taamlieke bult voorgelê om die Musgrave weer in ere te herstel, en so het die groot werk begin om die geweer na sy vorige glorie te restoreer.

RESTOURASIEWERK BEGIN

Heel eerste het ek die loop goed skoon te maak, eers met Hoppe's No 9 om die koolstof te verwyder, en daarna met Robla Solo-Mil om al die koper uit te kry. Hierna het ek die loop geskrop met J-B Bore Paste, en merkwaardig het die loop blink en glad anderkant uitgekom. Daar was geen korrosie- of donker merke op nie.

Patrys het my na die tyd ingelig dat die geweer nog net twee wildsbokke op sy kerfstok het – 'n reusekoedoebul wat die skaal op 190kg (uitgeslag) getrek het, en ook 'n gemsbokbul. Die geweer het op die meeste maar net 100 skote geskiet. Na die moeite met die looprestourasie kan 'n

mens dit gelukkig duidelik sien!

Die aksie se voerspore (*feeding rails*) asook die uittrekkerklou het ek met Autosol ('n metaalpolitoer) behandel. Die aksie was daarna so glad soos 'n warm mes deur botter. Ek het ook besluit om die sneller ligter te stel, en 'n paar harde stampe op die grond het my die versekering gegee dat die geweer steeds veilig was na dié modifikasie.

NUWE LEWE VIR DIE KOLF

Die kolf het toe aan die beurt gekom. Aanvanklik is dit eers versigtig met skuurpapier afgeskuur tot die vorige afwerking heeltemal verwyder is. Die ruitwerk het ek met 'n fyn staalborsteltjie bygekom om die jare se aanpaksel te verwyder.

Die volgende stap was om die duike in die hout met 'n strykyster uit te stoom, en hier wil ek ook net 'n dringende en ernstige waarskuwing aan die lesers rig: Dit is baie belangrik dat jy seker maak jou vrou of die persoon wie se strykplank, strykyster en lap jy gebruik, nie tuis is nie! Ek kon dit nie regkry om die dieper duike uit die hout te kry nie, maar die meeste van die ergste skade is darem herstel, en dit was goed genoeg vir my.

Die hout het van nature 'n baie ligte kleur, en ek het besluit om 'n kans te vat en dit effens donkerder te kleur. Hierdie eksperiment het darem goed verloop, danksy verskeie lae van Schaftol se donker kolfolie. Na elke laag het ek die kolf in die son gesit sodat die olie kon intrek, en na die tiende laag het 'n laag deurskynende Cobra-vloerpolitoer vir die finale afronding gesorg. Ja, ek weet dit is nie 'n tradisionele "*London oil finish*" nie, maar die resultate spreek vanself. Laastens het ek die aksie in die kolf met Steenvas gepak en 'n Nikon 4-14x40 Fieldmaster-teleskoop op die Vrstater gemonteer... Uiteindelik, na al die moeite, was ek reg om lood te gooi!

WEER AAN DIE SKIET

Al wat nou oorgebly het, was om die Vrstater weer te laat »

» praat, maar geldsake het gedruk, so ek het die hulp van die manne op die Jaracal-forum gevra. Ek het in 'n advertensie gevra vir .270-doppe en -matryse, en sommer baie gou het 'n paar manne hulle hulp aangebied. Nogmaals dankie, manne! Ek het daarin geslaag om in Springbok 'n stel matryse te kry en so ook 140gr Hornady InterLock-koeëls. Ek het gelukkig nog so 'n bietjie swartgoud (S365) oor gehad, so ek kon met ladingontwikkeling begin.

Ek het die doppe gesorteer deur elkeen te weeg en dié wat binne 1gr van mekaar was, in dieselfde groep te sit. Die regte manier is om die doppe volgens interne kapasiteit te sorteer, maar omdat dit 'n jaggeweer is en ek nie noodwendig 10mm-groepe nodig gehad het nie, was sortering volgens gewig vir my meer as voldoende.

Toe ek die looplengte meet, het ek nog iets snaaks teëgekomen: Die loop was 25.8" lank, wat langer is as die norm. Sover ek kon uitvind, het die Vrystaat-gewere almal met 22- tot 24"-lope uitgekomen, maar ek het met oom Org Hamman gepraat en hy vertel my toe dat sy soortgelyke geweer se loop ook 25.8" meet. Dit kon dalk 'n spesiale bestelling gewees het, maar nou is ek nie regtig seker nie.

Die eerste ladings wat ek geskiet het, het glad nie goed gegroep nie, en die trompsnelheid was ook heelwat hoër as wat ek verwag het. Met die hulp van QuickLoad het ek my lading laat sak na 52.3gr vir 'n trompsnelheid van 2 930vps, maar steeds was die Vrystater steeks om die koeëlgate te laat saambondel op die teiken.

Terug by die huis het ek egter opgemerk dat die aluminiumteleskoopbasisse los was. 'n Klein druppeltjie Loctite-gom op die skroewe het egter die probleem opgelos, en daarna het die Vrystater ewe skielik sommer onder 'n duim op 100m gegroep. Ek het nog 'n lading met Johann Kriek se 114gr-koeëls ontwikkel wat onder 20mm groepeer, so die Vrystater se akkuraatheidsprobleme blyk iets


van die verlede te wees. Ek beplan egter om die aluminiumteleskoopmonterings wat tans op die geweer is, te vervang met stewiger staalbasisse en -ringe.

Nog iets wat ek opgelet het van die Vrystater is dat sy terugskop sommer lekker parmantig is. Op die oomblik skiet ek hom sonder 'n knaldemper, maar ek oorweeg om tog maar in die toekoms 'n knaldemper te laat opsit. Ek wil ook Jack O'Connor se resep van 130gr-koeëls teen 3 100vps probeer, maar vir eers hou ek maar net styf duimvas dat Somchem weer gaan begin dryfmiddel vervaardig, want my sakke is te plat om oor te slaan na ingevoerde dryfmiddels vir al my gewere.

DANKIE AAN PATRYS

Ek dra die artikel op aan my legendariese vriend Patrys van Niekerk. Patrys, dankie dat ek die roer kon oorneem. Die Musgrave se plek is nou wel nie meer saam met die handpomp agter die Hilux se sitplek nie, maar hier saam met my waar hy 'n spesiale plek in my hart het.

Nou ja, nou moet ek nog net loop jag met die Vrystater. En dalk moet ek hom herdoop na "Feniks". Ek hoor hoeka daar loop in Olifantshoek se wêreld nog 'n mooi koedoe rond met my naam op... 🇿🇦



BO: As deel van die restorasiewerk het ek die loop en aksie gepak met Steenvas. Dit het akkuraatheid verbeter en die geweer is nou weer gereed vir baie jare se getroue diens.

ONDER: Toe ek die geweer gekry het, was veral die kolf in 'n slegte toestand met baie duike en krappe. Ek het die ruitwerk met 'n fyn staalborsel skoongemaak.



My wife and I had only been married for a year or so when we decided to visit Uncle Martin and Auntie Jen on their cattle farm east of Alldays in the present-day Limpopo Province. I hadn't seen Uncle Martin and Auntie Jen for several years and was looking forward to our visit, even though we had only decided a day or two earlier to make the trip over the Soutpansberg Mountains. My father had arrived on the farm a few days before us on his annual hunting trip and had thought it prudent for me to bring my new wife to meet Uncle Martin and Auntie Jen. I was

also looking forward to spending some time with my dad, who lived in Cape Town and whom I only saw once a year. Mom had travelled north with my dad but decided to visit her brother in Johannesburg while we went to the farm.

COMPLICATIONS

As soon as we started packing, I realised that our trip may just turn out to be more interesting than what I was used to as a bachelor. As usual I waited until the last minute and then packed the absolute minimum; a couple of shorts, a few shirts, boots, socks, underwear, and not much

else. To my surprise, I nearly injured myself when I had to carry to the car the huge suitcase full of absolute essentials required to keep the fairer sex fair.

No matter how many times I explained that the Bushveld was a warm place and that the farm wasn't quite a five-star location, the suitcases and paraphernalia of unknown function just kept on piling up next to the car. I had to repack the car four times before I was able to compress the four cubic metres of "necessities" into the small boot of the vehicle and find a space for my tiny little bag as well. But I was a young man and looked at it as

a learning experience.

For example, I learned that the strange medieval torture device, which couldn't stay at home under any circumstance, was in fact a special instrument for curling hair. The only recognisable component of the entire contraption was a power cable with a three-prong 220-volt plug on the end. Now, that may not sound significant to the casual observer, but the simple fact that the farm had no electricity supply, except for a semi-abandoned vintage generator that could hardly generate enough power to switch on a few lights, was definitely going to complicate my immediate future. I carefully contemplated my next move but decided that any comments by me regarding the national electricity supply will probably only delay our departure for another two hours.

While packing, I similarly struggled with the strange female custom of constantly rubbing mixtures of coloured mud and fat on their faces, even if it were very neatly packed in tubes with the names of famous New Yorkers written on them; somehow, they had managed to convince millions of women that they should rather refer to fat as moisturiser and to mud as a colour base. Eventually I found »

THE LEOPARD CATCHER

An almighty roar that strikes fear into man and beast.



» space for all 48kg of blending-into-a-shopping-mall-background paint and fragrance in the car and we were off to the farm.

OFF AT LAST

The drive to the farm was uneventful. We stopped once for fuel and breakfast in Polokwane, before reaching the farm a few hours later. Uncle Martin and Auntie Jen were overjoyed to see us and welcomed us with open arms, a fantastic lunch and copious quantities of fresh tea.

It was very nice to see the old farm again where I had spent so many happy hours as a young boy. Everything still looked much the same as I remembered it. Auntie Jen still had her collection of Corgi dogs, Uncle Martin still wore the same neat khaki clothes and felt hat, the motley collection of ugly chickens was still running around the farmyard, and the tea still tasted fantastic.

Uncle Martin had built the old farmhouse himself from rocks collected all over the farm. The walls were thick and solid, and the inside of the house was pleasantly cool. The corrugated metal roof constantly made loud cracking sounds as it expanded and contracted with the change in temperature during the early mornings and late evenings. Next to the kitchen was a very large pantry, which Auntie Jen kept stocked to the brim with all kinds of preserved fruits and vegetables. She was a delightful cook and took great joy in treating her guests, as well as preserving just about everything being produced on the farm. We, of course, had no objection to sampling all her wonderful dishes, preserves and pickles.

OFF TO THE CONCERT HALL WITH A FEW OF THE GREATS

Uncle Martin and Auntie Jen also had a love of classical music and listened to it frequently. It was in sharp contrast to the musical preferences of their siblings and neighbours, who preferred light-

hearted folk music and as a result, it became a constant topic of discussion around the dinner table. I very much appreciated the calming tones of Brahms and Tchaikovsky gently filtering through the farmhouse walls. It suited the situation and always made me feel as if I was standing in the hallowed halls of one of the classic old European universities.

Uncle Martin was a learned man and the first person from our entire extended family to ever attend university. He'd studied sociology, spoke several languages, and constantly amazed us with his superb understanding of African peoples and cultures. Auntie Jen had been a schoolteacher before she came to live on the farm and had recently started a new teaching job in one of the nearby towns.

It was, however, primarily a cattle farm and Uncle Martin had several very extensive Afrikaner herds which he actively managed. In earlier years he had mainly raised cattle for the open market, but later began to raise calves specifically for the nearby feedlots. It was less intensive work and more profitable, but implied that most activities on the farm centred on cows and fairly young calves and, as can be expected, the plentiful resident leopard population collected a substantial toll from this type of operation.

ENTER THE LEOPARDS

Like most of the cattle farmers in the area, Uncle Martin didn't appreciate leopards very much and constantly made all sorts of plans to rid his farm of them. None of his plans were ever very successful and I cannot remember ever having seen or heard of a single leopard that were captured or killed on the farm. Uncle Martin, however, never gave up and constantly came up with new plans to get rid of these costly predators. My dad was very mechanically minded, and I often heard Uncle Martin discussing a new plan or trap

Five metres behind me I heard the dog yelp loudly, followed by the clatter of pebbles flying from under his feet as he ran straight back to the safety of the truck.

design with him.

At the time of our visit, Uncle Martin had once more concocted some sort of leopard trap and told us, over several cups of tea, how his latest plan was going to solve the leopard problem once and for all. I never got much details of exactly how the trap worked but knew that he had experimented with all manner of trapping cages in the past and assumed that he was still busy with the same design.

The only problem with his schemes was that he constantly had to drive out to the traps to check if he had been successful in catching a leopard, and to stock the traps with fresh bait. Uncle Martin was very hopeful that his new trap design would finally work and he invited us to accompany him early the next morning to check up on a trap that he had placed in prime leopard catching habitat, close to the old farmhouse.

SETTING OUT TO CHECK THE TRAP

A typical day on the farm differs substantially from a typical day in a big city, and this day was no exception. After a less than restful night filled with waging war against innocent spiders, as instructed by the new wife, we woke up just before 4 o'clock the next morning. After dressing hastily, we were welcomed in the kitchen by Uncle Martin with a huge mug of coffee and some aniseed rusks.

Unfortunately, there was no time to ease into the morning. We had to gulp down the coffee and rush outside into the darkness to where Uncle Martin was waiting for us next to his pickup truck. The new wife, one of Auntie Jen's Corgi dogs and Uncle Martin got into the front of the truck, while I had to endure

the breathtakingly cold air at the back as we drove through the farmyard gate.

From my previous adventures on the farm, I remembered that the "proper" breakfast was only at around ten o'clock in the morning and realised that it was going to be an awfully long morning surviving on just a few rusks and that giant bucket of coffee. I have never been an overly ambitious coffee drinker and I could already feel how the coffee was inflating my rather delicate constitution.

We carried on along the dirt road for about two kilometres before turning right, into the hills. The road suddenly became a very rough track and I had to cling with all my might onto the railings on the back of the truck as we made our way over some very uneven terrain.

With every bump in the track I could feel how my body was converting that jug of coffee into complications. I was starting to feel rather fragile and realised that I was not at all used to drinking that much coffee so early in the morning.

ACTION STATIONS

The horizon was already starting to lighten in shades of blue and grey when we went over the crest of the first hill, and the pitch darkness of the early morning was starting to dissipate. We continued, ever so slowly, down the side of the hill and up the next hill, turning sharply to travel eastwards along the contours, just below the crest. It was a cold, crisp and peaceful morning, even the usual early morning chatter of Bushveld birds was absent.

Uncle Martin suddenly stopped the truck right in the middle of the track and very quietly got

out, gesturing to everyone to keep completely quiet. I climbed from the truck and followed him along the road in an eastward direction. He had brought along his little .22 rifle which he slung over his shoulder and his 12-bore semi-automatic shotgun which he gave to me to carry. We quietly and carefully followed Uncle Martin – me, the new wife with her uncurled hair, and lastly the old, yellow and white Corgi dog.

I wasn't exactly sure where the leopard trap had been set up but figured that it couldn't be more than about fifty metres from us. Uncle Martin suddenly turned from the jeep track and headed into the trees with us following, still in single file. I looked back and saw the hair on the dog's back standing upright and thought that we must be really close to the trap and that there was most likely a leopard caught inside.

My stomach started churning once more, my arms felt weak and the shotgun suddenly felt like it weighed a ton. I was in trouble; we were approaching a potentially deadly situation and my stomach had become more than volatile. I looked up towards Uncle Martin, wiped the massive pearls of cold sweat from my forehead, and as I gave the next step, the morning silence was shattered by an almighty roar, followed by a cacophony of grunts and growls.

CONTACT... OR NOT!

Five metres behind me I heard the dog yelp loudly, followed by the clatter of pebbles flying from under his feet as he ran straight back to the safety of the truck. From in front of me Uncle Martin handed me the .22 rifle and grabbed the shotgun from my hands, creeping forward with the gun ready, waist high.

From behind me I heard the muffled giggles of my new wife, who had obviously noticed that the ferocious growling was not coming from a trapped and wounded leopard, but from my

upset stomach.

I was dumbstruck. I had no idea that such an innocent stomach rumble could cause such intense panic. As it happened right in front of my new wife as well as Uncle Martin, whom I had pretty much idolised for most of my life, it was especially embarrassing. Well, at least the dog had the decency to run for cover.

No amount of clearing my throat, whispering "I'm sorry" or "it was me" could detract Uncle Martin from stalking his trapped leopard and it was only when I shouted "it was my stomach growling" that he turned around to witness my embarrassment first-hand. By this time the wife was doubled over with hysterical laughter, and I could not find a rock small enough to hide under. When the silly dog finally returned, even he had a smirk on his face.

Uncle Martin quickly checked the trap to confirm that there was no leopard before we all returned to the truck and left for the farmhouse. The journey back to Auntie Jen's kitchen felt never-ending, especially as it was interrupted several times by overwhelming bouts of hysterical laughter from the cabin of the truck. The rest of the morning just went on forever, until Auntie Jen finally laid my poor stomach to rest with a proper breakfast.

THE END OF IT

Later that day I took a drive with Dad around the farm in Uncle Martin's truck to look for an impala, but Dad seemed distracted. He didn't scan the veld for movement, but just kept on looking at my stomach with a grin on his face. It was pointless to try to hunt under such circumstances and we returned to the old farmhouse.

That afternoon Auntie Jen made us a light supper and afterwards she asked everyone what they would like to drink, except for me. I was just handed a small cup of tea. Needless to say, we left for home early the next morning. Before breakfast! ☹



Adverteer
in
Advertise

JAGTER
SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN
HUNTER

Jacques Boshoff
Sel: 079-528-8793
jacques.boshoff@media24.com

Ronnie Robbertze
Sel: 072-223-0533
ronnie.robberze@media24.com



COVID-19 EN DIE INVLOED DAARVAN OP SAJWV-LEDE

Jag en skiet in die tyd van die virus...

Ek is 'n lid van SA Jagters omdat ek hou van vuurwapens, skiet, jag, die natuur, en die geleentheid om by my tak, maar ook op streek- en nasionale vlak, sosiaal te verkeer met mense wat my belangstellings en passie deel. Is dit nie die rede hoekom almal van ons lid is van SA Jagters nie? Die feit dat die meeste van hierdie aktiwiteite in die buitelig plaasvind, dui ook daarop dat ons 'n baie spesiale subspesie van *homo sapiens sapiens* is!

Toe maak Covid-19 sy verskyning en eensklaps is al ons aktiwiteite verbode. Ons mag nie skietbane besoek nie en ook nie gaan jag nie. Vergaderings en sosiale aktiwiteite is opgeskort. Kortom, ons is ingehok! Skielik leef ons in 'n wêreld wat 'n paar maande gelede ondenkbaar sou wees en wat sy merk laat op sosiale, finansiële en geestelike vlak. Vanaf einde Maart 2020, verkeer Suid-Afrika in 'n grendelstaat met 'n oorvloed regulasies wat voorskryf wat ons mag en nie mag doen nie. Vir al ons buitelig verslaafdes was dit 'n harde slag!

'N BLYWENDE EFFEK

Die effek van die Covid-19-pandemie op die wêreld is enorm en ons sien hoe lande veg om die gesondheids-, sosiale en ekonomiese gevolge daarvan te bestuur en te beperk.

Die lewensverlies weens die virus

laat 'n leemte en hartseer in baie gemeenskappe en families wat hulle nog vir lank gaan bybly. Die finansiële krisis wat dit in die reeds sukkelende Suid-Afrikaanse ekonomie veroorsaak en die verwoestende invloed daarvan op die inkomste en lewens van miljoene mense, is ook hartverskeurend. Baie individue, organisasies en die regering verleen hulp, maar dit kom waarskynlik nie by almal uit wat dit so broodnodig het nie, en duisende families is in 'n krisis gedompel! Elkeen van ons wat enigsins kan, behoort te help. 'n Bydrae wat vir my en jou kleingeld is, mag 'n baie groot verskil maak in iemand anders se lewe.

Die regulasies rondom die Covid-19-inperkings en die Suid-Afrikaanse regering se hantering daarvan veroorsaak in dié tyd baie frustrasie, onsekerheid en ontevredenheid met baie uiteenlopende menings daaroor. Wat die aktiwiteite van SA Jagters betref, is daar 'n paar belangrike aspekte wat lede in gedagte moet hou. SA Jagters is 'n baie groot rolspeeler in die jagbedryf met 43 000 lede wat landwyd by 81 takke inskakel. Dit is juis hierdie takke, hul lede en die aktiwiteite in alle uithoeke van die land wat die hartklop en die voetspoor van SA Jagters is. Ons kan met reg baie trots wees daarop – ek weet ek is! Op nasionale vlak verteenwoordig SA Jagters die lede by talle

PROVINSIE/TAK	SENTRALE DORP	VOORSITTER	NOMMER
GAUTENG-NOORD			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Isak Burger	082-454-7978
Baviaanspoort (Pretoria-Noord)		Hansie Lerm	082-652-2396
Brits		Hansie Helberg	082-826-2038
Centurion	(Centurion)	Fanie van Wyngaard	083-646-3324
Marico Bosveld	(Rustenburg)	Ferdie Neumeyer	082-651-6393
Pretoria-Oos	(Pretoria-Oos)	Dieter Labuschagne	082-654-3280
GAUTENG-SUIDOOS			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Danie Momberg	082-901-2067
Edenvale		Richard Ford	082-415-3840
Eland	(Alberton)	Stephan Lindeque	082-873-9289
Impala	(Bredell)	Anita Stegmann	082-498-6708
Oos-Rand	(Kempton Park)	Pieter Claassens	083-289-8543
Springbok	(Brakpan)	Pieter de Beer	083-627-5749
GAUTENG-SUIDWES			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Cassie Carstens	083-453-3312
Tembo	(Jhb-Noord)	Rodney Butle	082-827-8650
Transvaal	(Randfontein)	Ria Zeelie	083-390-8465
Wes-Rand		André Botha	083-463-3620
KWAZULU-NATAL			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Barry Look	083-289-7811
Iphithi	(Durban)	Danie J van Rensburg	083-376-1936
Mpungini	(Dundee)	Schalk Meintjes	082-923-8212
Oribi	(Margate)	MD Bester	082-856-4970
Umfolozu	(Richardsbaai)	Pieter Britz	083-413-7881
LIMPOPO			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Izak Haasbroek	082-878-7351
Hardekool	(Musina)	Izak Haasbroek	082-878-7351
Mopani	(Phalaborwa)	Otto van der Star	082-568-1474
Soetdoring	(Mokopane)	Danie Grobler	073-689-6249
Thabazimbi		Gert Oosthuizen	082-853-2054
Waterberg	(Ellisras)	Herman de Lange	082-772-5008
MPUMALANGA-NOORD			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Gert Opperman	082-870-4989
Bosbok	(Steelpoort)	Leon Visser	082-808-9641
Loskop	(Marble Hall)	André Ruhling	082-373-4390
Ngwenya	(Nelspruit)	Jan Sutherland	082-906-7959
Olifants	(Middelburg)	Johnny Pretorius	083-654-9993
Platorand	(Belfast)	Kobus Davel	083-625-6806
Rietbok	(Breyten)	Charles Robberts	082-441-7723
Sebra	(Witbank)	Gert van der Merwe	082-802-9616
MPUMALANGA-SUID			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Pierre Meyer	083-306-5686
Bethal		Willie Oosthuizen	082-493-6689
Duiker	(Balfour)	Gerhard Harmse	084-206-4452
Edelvalk	(Standerton)	JC Schoeman	060-622-2333
Heidelberg		Zet Robberts	082-320-6631
Houtkapper	(Secunda)	Hendrik Byleveld	082-045-6437
Majuba	(Volksrust)	Wessel Oosthuizen	082-454-7435
Suikerbosrand	(Meyerton)	Pierre Meyer	083-306-5686
Wilgerivier	(Frankfort)	Danie Pieterse	082-974-9382
NOORD-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Bertie Theron	082-825-0439
Doornberg	(Prieska)	Bertie Theron	082-825-0439
Gamagara	(Kathu)	Johan Roets	078-122-7987
Griekwaland-Wes	(Kimberley)	Jors Humpel	082-787-9240
Karoo	(Victoria-Wes)	Johan Jooste	071-333-3773
Kgalagadi	(Upington)	Bertus Burger	072-786-8649
Steenbok	(Lime Acres)	Schalk Victor	082-885-8277
NOORDWES			
KALAHARI BOSVELD:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Jors Swanepoel	083-643-2591
Genl de la Rey	(Lichtenburg)	Jors Swanepoel	083-643-2591
Kameeldoring	(Mafikeng)	Rudolf van der Walt	083-300-2937
Koedoe	(Zeerust)	Nico J van Rensburg	082-388-0908
Makwapa	(Setlagole)	Ampie Strauss	082-578-7614
STELLALAND:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Flip Fouche	082-570-6322
Diamant	(Wolmaransstad)	Johannes Lubbe	083-769-9972
Fransrivier	(Delareyville)	Japie Schutte	083-462-7284
Schweizer	(Schweizer-Reneke)	Flip Fouche	082-570-6322
Sterland	(Vryburg)	Willem du Toit	082-348-7531
Vaalharts	(Jan Kempdorp)	Cliff Oosthuizen	074-891-2503
VAALRIVIER:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		André Olivier	082-568-1508
Frontier	(Stilfontein)	André Wepener	083-462-2294
Hartbees	(Potchefstroom)	Johan van der Walt	082-571-6414
Vaaldriehoek	(Vereeniging)	Jan de Man	082-784-2350
Witrenoster	(Klerksdorp)	Duane Heymans	071-895-0520
OOS-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Mornay Eyre	081-562-3258
Gamtoos	(Patensie)	Gustav Bell	082-462-0755
Grysbok	(Jeffreysbaai)	André Botha	084-567-8989
Kamdeboo	(Graaff-Reinet)	Johan Dorfling	082-847-6615
Koukamma	(Kareedouw)	Nico Herselman	082-441-2467
Kwagga	(Port Elizabeth)	Ockert Barnard	082-906-9253
Tuinroete	(George)	Gerhan Archer	082-567-6941
DRAKENSBERG:			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Org Hamman	082-867-6566
Lammergeier	(Aliwal-Noord)	Pierre Bosch	071-497-1598
Renosterberg	(Middelburg – Kaap)	Werner Potgieter	082-575-4762
Stormberg	(Queenstown)	Andre Botha	083-491-1999
VRYSTAAT			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Stompie Thuynsma	082-564-3792
Bloemfontein		Pieter du Preez	079-528-9217
Bloukrans	(Vanderkloof)	Rikus Stander	082-775-5480
Bothaville		Christo Roux	082-926-4366
Cheetah	(Hertzogville)	Johan van Rensburg	082-374-7898
Olienhout	(Parys)	Jan Lubbe	082-421-1122
Riemland	(Bethlehem)	Kobus Maree	082-924-5565
Sandrivier-58	(Welkom)	Michelle van Heerden	072-868-9186
Valschrievier	(Kroonstad)	Jaap Erasmus	084-448-1578
Vrystaat Sandveld	(Soutpan)	Ben van der Merwe	084-613-2316
WES-KAAP			
STREEKKOÖRDINEERDER:		Justus Harms	082-497-4230
Bergervier	(Piketberg)	André Kennedy	083-289-6524
Maskam	(Vanrhynsdorp)	Willem van Niekerk	083-633-2992
Namakwa	(Springbok)	Carel Oberholzer	082-805-0181
Overberg	(Caledon)	Danie de Waal	083-626-5538
Swartland	(Malmesbury)	Wynand Lotter	082-929-8658
Tafelberg	(Bellville)	Wessel Symington	082-351-9991
Weskus	(Vredenburg)	Jacques Smit	082-517-9377

forums en regeringsdepartement om namens hulle te onderhandel oor belangrike sake soos vuurwapenbesit, jagregulasies, bewaringsinisiatiewe en nou ook die Covid-19-regulasies.

GEPASTE OPTREDE OP DIE GEPASTE TYD

SA Jagters se benadering was nog altyd om deur middel van onderhandeling oplossings te vind vir kontroversiële sake. Gewoonlik is ons suksesvol, soms nie. Waar belangrike verskille nie opgelos kon word nie, het SA Jagters in die verlede die howe genader vir 'n beslissing wanneer alle ander opsies uitgeput was. SA Jagters geniet hoë aansien in die jagbedryf en ander verwante bedrywe, en die Vereniging word telkens gevra om insette te lewer op talle terreine.

SA Jagters se standpunt ten gunste van verantwoordelike vuurwapenbesit en jag maak 'n groot deel uit van die Vereniging se mandaat om namens lede te onderhandel. Wêreldwyd groei aktivisme teen vuurwapenbesit en jag teen 'n geweldige tempo, en ons het baie vyande wat elke dag besig is met planne en aksies om dit van ons weg te neem. Die feit dat ons verantwoordelik en binne die raamwerk van die Suid-Afrikaanse wetgewing vuurwapens besit en jag, waarborg egter nie hierdie voorregte vir die toekoms nie.

DENKRIGTINGS OM IN AG TE NEEM

Daar is basies drie denkrigtings rondom jag en vuurwapeneienaarskap waarvan lede moet kennis neem. Die eerste groep – tipiese SA Jagters-lede – is die voorstanders van jag en vuurwapenbesit en is mense wat aktief jag en skiet. Die tweede groep is diegene wat nie self jag of vuurwapens besit nie, maar wat nie beswaar het indien ander mense dit verantwoordelik beoefen nie. Die derde groep is heeltemal gekant teen jag en vuurwapenbesit en dikwels deel van militante drukgroepe met emosionele en irrasionele argumente wat op totale onkunde gebaseer

is en wat ons ten alle koste wil ontnem van verantwoordelike jag en vuurwapenbesit. Dit maak glad nie sin om met mense in hierdie laaste groep te onderhandel nie. Hulle houding is: “Moenie my verwar met feite nie. Ek het klaar besluit!”

Jagters en vuurwapeneienaars moet eerder daarna streef om altyd verantwoordelik, met respek, en binne die raamwerk van die wet op te tree ten einde nie die stilswyende steun te verloor van die tweede groep wat neutraal staan teenoor jag en vuurwapenbesit nie. Hou dié groep eerder aan ons kant sodat hulle nie hul stem voeg by die aktiviste wat jag en vuurwapenbesit wil beëindig nie.

HOU BY DIE REGULASIES!

Teen dié agtergrond is dit juis belangrik vir jagters en vuurwapeneienaars om in die Covid-19-krisistyd nie die inperking-regulasies te oortree nie. By beide jag- en skietaktiwiteite word vuurwapens gebruik, en indien 'n lid regulasies oortree waarby vuurwapens betrokke is, gaan voortgesette vuurwapeneienaarskap vir daardie persoon baie moeilik gemaak word. Verder kan dit in die toekoms wetlike jag en vuurwapenbesit vir ons almal belemmer. Wees dus baie versigtig en besin deeglik oor jou optrede en gedrag.

SKIETBANE

Die beperking op die gebruik van skietbane is 'n goeie voorbeeld van omstandighede waar lede se samewerking en geduld tot nou noodsaaklik was. Skietbane wat as ondernemings geregistreer is, kon reeds gedurende Junie 2020 aansoek doen om te heropen mits daar aan spesifieke vereistes voldoen is. Op 25 Junie 2020 het SA Jagters 'n voorlegging aan die minister van sport, kuns en kultuur, Nathi Mthethwa gemaak i.v.m. die heropening van skietbane en op 24 Julie 2020 het die minister toestemming verleen dat skietbane vir sportskiet doeleindes mag heropen. Saam met

die vergunning het daar egter verantwoordelikhede onder vlak 3 Covid-19-regulasies gekom wat deur die SA Jagters-takke nagekom moet word. Die jongste verlaging na vlak 2 Covid-19-regulasies vanaf 18 Augustus 2020 het in wese nie verander aan die verantwoordelikhede wat takke moet nakom gedurende die bedryf van skietbane nie. Die enigste verslapping in die verband is die feit dat daar nou oor provinsiale grense heen gereis mag word deur lede na hul tak se skietbaan. Lede word versoek om saam te werk met hul takbestuur en waar nodig hulp aan te bied en om aan die vereistes te voldoen wat gestel is. Hierdie vergunning moet nie as vanselfsprekend aanvaar word nie, indien dit misbruik word, kan dit teruggetrek word

JAG

Die Covid-19-regulasies het die afgelope vyf maande veral op jag 'n baie negatiewe invloed gehad. Jagorganisasies, waaronder SA Jagters en ander belanghebbendes in die jagbedryf, het vanaf Maart 2020 vir weke lank hard gewerk en samesprekings gevoer met die departement van omgewingsake, bosbou en visserie om benuttingsjag weer oop te stel. Op 5 Junie 2020 is daardie toestemming verleen deur die betrokke departement vir benuttingsjag met die primêre doel om te jag om vleis vir eie verbruik te bekom, en jagters en wildplaaseienaars landwyd het breed geglimlag en jag het in alle erns begin.

Op 28 Julie 2020 publiseer die minister van omgewingsake, bosbou en visserie, Barbara Creecy, nuwe direktiewe in die Staatskoerant wat reis slegs binne 'n provinsie toelaat vir benuttingsjag en geen akkommodasie mag verskaf word vir die doeleindes van jag nie. In praktyk beteken dit dat 'n individu slegs sal kan jag binne die provinsie waarin hy/sy woon, na vieruur die oggend ry na sy jagbestemming en weer teen negeuur saans tuis moet wees, en

benuttingsjag (ten minste die grootste deel daarvan) word vir alle praktiese doeleindes onmiddelik gestop.

Hierdie was 'n reuse teleurstelling en het met reg baie onsekerheid en ontevredenheid ontketen. Vir die wildplaaseienaars was hierdie 'n besondere kwaai slag, dit is immers hulle besigheid en inkomste!

Volgens die vlak 2 Covid-19-regulasies wat vanaf 18 Augustus 2020 geld, word reis oor provinsiale grense en akkommodasie op die jagplaas toegelaat. Die verantwoordelikheid van die jagters en die wildplaaseienaars in terme van Covid-19-regulasies en algemene voorsorgmaatreëls om die verspreiding van die virus te bekamp het egter nie verander met die verlaging na vlak 2 van die regulasies nie.

Ongelukkig is dit baie laat in die Suid-Afrikaanse jagseisoen en veral met vroulike diere wat nou toenemend dragtig is, gaan daar waarskynlik vanaf September baie minder gejag word. Trofeejag op vrygestelde plase gaan gewoonweg voort aangesien dit slegs manlike diere raak.

VERANTWOORDELIKE OPTREDE

SA Jagters versoek dat lede intussen steeds verantwoordelik sal optree en die direktiewe nakom. Ons moet in gedagte hou dat 'n potensiele vlag van nuwe infeksies nie uitgesluit is nie en dit kan weer strenger regulasies teweegbring met verdere beperkings. Ons het geen beheer oor ander mense se optrede nie, maar ons kan elkeen ons deel doen, voorkomend optree en jouself beskerm.

Te midde van al die frustrasies en onsekerheid tydens die Covid-19-inperkings bly SA Jagters daartoe verbind om op alle vlakke met die regering saam te werk, by die regulasies te hou, voorleggings te maak, oplossings te soek, verantwoordelik op te tree, en ons lede dienooreenkomstig te adviseer en ondersteun.

Sterkte en seën aan u en u families in die vreemde en uitdagende tyd waarin ons leef! 🍀

BOKSPOG

Stuur jou jagfoto's na: bokspog@sahunter.org


WENFOTO



ERICK STAFFORD, VAN ZYLSRUS, NOORD-KAAP. Springbokram, Musgrave .30-06, 165gr Nosler, 120m.



Die wenner van dié maand se Bokspog wen 'n *Shadows Duffle Bag* en 'n *Shadows Colour Block Shirt* van Sniper Africa ter waarde van R995. Vir meer besonderhede en om jou prys te reël kontak Sniper by 0861-764-737.



WARREN STEYN, GROBLERSDAL, LIMPOPO. Rooibok, Sako 7mm, 174gr S&B, 80m.



ANDRÉ THERON (VOOR), ALBERTINIA, WES-KAAP. Koedoe, Bmo .308, 165gr Hornady, 150m.



SANDRI MARX, WOLMARANSSTAD, NOORDWES. Rooibok, Howa 6.5 Creedmoor, 140g.



ALIX DU PLESSIS, BALTIMORE, LIMPOPO. Elandkoei, Steyr-Mannlicher 9.3 x 62, 80m.



PIETER-GYS DE KOCK, BOSHOF, VRYSTAAT. Vlakovark, .270, 150gr. 100m.



DIRK (JAGTER) EN DERIK LAMPRECHT, VAALWATER, LIMPOPO. Koedoe, Weatherby Vanguard .30-06, 165 gr, 60m.



JESSICA GIBSON, JANSENVILLE, OOS-KAAP. Springbokram, Ruger M77 6.5x55 Sweedse Mauser, 160gr Hornady InterLock, 90m.



JOGGIE SCHOLTZ, NOUPOORT, NOORD-KAAP. Koedoe, Musgrave .308, 150gr, 230m.



DYLAN PALK, STEENBOKPAN, LIMPOPO. Vlakovark, Musgrave .300 Win Mag, 180gr Federal, 150m.



KEVIN SWART, BEDFORD, OOS-KAAP. Rooiribbok, .308, 150gr, 125m.

Terugflits na 1993... Geluidloos kruip hy wind-op nader, elke sintuig ingespan om uit te maak wat in die skaduwee van 'n koedoebessie oorkant die kloof staan. Min het my pa geweet dat hy bykans 30 jaar later die ervaring op ons bosveld-plaas sou herhaal...

9 APRIL

Dis 2020, dis grendeltyd, die universiteit is vir wie weet hoe lank gesluit en ek kry pasellatyd op ons plaas buite Nylstroom in die Bosveld. Dis lekker om weer by die huis te wees en ek en my pa maak gereed vir my groot verjaardagjag. My Tikka .30-06 skiet raak, die bakkie is gereed, en die padkos is gepak. En natuurlik die ammunisie – handge-laaide 178gr Hornady ELD-X-koeëls (2 682vps).

My pa deel 'n paar van sy eie jagstories en ek kan my opgewondenheid nie meer betuel nie. Ek sukkel om te slaap, maar skryf dit toe aan my jagklere (waarin ek vanaand slaap) wat nie so sag soos my nagklere is nie.

10 APRIL

Vandag is ek negentien. Ons is vyfuur reeds uit die vere en 'n effense koeligheid en 'n laag belowende wolke begroet ons buite. Met 'n beker koffie klaar ons die laaste slaperigheid op en met my aapjas warm om my lyf gedraai, val ons in die pad. Soos beplan, ry ons na die Groot Rant toe.

Die “Groot Rant” is 'n term wat ons gebruik om 'n baie groot en prominente berg, wat die plaas basies in twee deel, te beskryf. Die een kant word gesien as berg en die ander kant as minder berg, dus rant (of kop). Ons plaas is so 20km buite Nylstroom in die Waterberge en die aarde hier is nie juis plat nie.



BO: Die koedoebul se horings het 54.5” gemeet en hy het 196kg uitgeslag. **HOOFFOTO:** My pa beduie waar sy koedoe destyds gestaan het.

KOEDOEJAG OP MY VERJAARDAG

'n Geskenk om altyd te koester.

By die moepel waar ek amper oorhaastige foute gemaak het.



By die Groot Rant stop ons onder 'n kareeboom wat sy takke so effens oor die bakkie laat hang en beslis gaan help om ons padkos en water lekker koel te hou. Dis nog skemer, maar 'n mens kan darem al sien waar jy loop.


Ons lees die wind en besluit op 'n rigting. Teen 'n goeie pas klim ons die rant in die vroeë môrelik uit en moet albei 'n keer of wat met die voetwerk kop-hou, maar gelukkig val nie een van ons nie.

Ons stop ook elke nou en dan om die effense mistigheid wat die boomtoppe hier voor ons toevou, te geniet. En natuurlik elke oop kolletjie te fynkam. Die res van die klim tot bo gaan heel maklik, behalwe vir 'n massiewe wawielwebspinnekop wat my in my spore stuit en vierkantig in die oë kyk.

Toe die klim uiteindelik stap word, begin ons stadiger beweeg totdat ons 'n groot gedeelte van die bergagtige deel voor ons kan sien. Die besonderse stilte en deelwees van die omgewing maak my hart sommer vol en gelukkig. Ons is nou gefokus en gaan sit so 30 treë uitmekaar, weggesteek in 'n bosserigheid, om die wêreld te bespied. Dan val die son se glimlag oor ons en kleur die koppies goudgeel. Ek verwonder my aan die natuur-



Die plek vanwaar ek geskiet het.



Ek wys waar my koedoe gestaan het, amper presies waar my pa syne gekry het.

skoon, maar besef gou dat ek ook fyner sal moet kyk as ek my koedoe wil kry.

FYN KYK VIR KOEDOES

Skielik bereik die geur van 'n geskilte nartjie my en ek kyk na my pa se kant toe. Hy beduie na iets wat net hy sal verstaan en ek skuif versigtig nader. Vlak voor ons en so 200m ver, staan 'n koedoekoei stoksielalleen op die koppie.

Maar enige jagter sal weet dit werk nie heeltemal so nie en spoedig gewaar ek aan die voet van die berg, verder aan die westekant, nog koedoes. Ons sit nou aan die oostekant. Dis ook nie lank nie, toe verskyn 'n jong koe-

doebul, en toe nog een. 'n Tydjie gaan verby en dan sien ek hom – enig in sy soort. Sy pragtige lang horings blink in die oggendson, en ek besef ek het sopas my verjaardaggeskenk gesien!

Dis skuins na sewe, die son bak al lekker, om ons begin die veld te lewe, en ek kry effens warm. Planne word gemaak en ons besluit dit sal die beste wees as ons na die anderkant toe oorklim en van daar af van oos na wes beweeg. Iets binne my jaag my aan, maar ek besef ek moet kalm bly omdat ek heel waarskynlik vandag 'n ver skoot sal moet skiet.

Ons vorder tot mooi in lyn met waar ons die koedoes laaste

gesien het en kry hulle vinnig weer. Dié keer sien ons die bul eerste. Ek kan deur my Leupold-teleskoop sien dat die bul 'n pragtige dik nek en 'n mooi stel wye horings met diep draaie het, maar hy is 600m ver. Dit is tyd vir nuwe planne.

MAAK NUWE PLANNE

Die koedoes is stadig besig om noord te beweeg, in 'n kloof op. Ek probeer bepaal wat die koedoes se volgende beweging gaan wees. Dit is 'n tegniek wat die Amerikaanse skerpskutter, Carlos Norman Hathcock, wat in die sestigerjare in Viëtnam geveg het, beoefen het. Dit gee jou op 'n manier 'n beter idee»



Die koedoebul.

» wat jou prooi normaalweg sal doen. Ek beduie my plan aan my pa en hy stem saam.

Ons beweeg terug af na die bakkie toe en vandaar ry ons met die pad in 'n oostelike rigting. Later swaai ons noord, sodat ons oor en om die volgende berg kan beweeg. Ons stop bo-op die berg aan die oostekant van waar die koedoes nou oorkant ons op die gesig van die berg wei. Die koedoes is duidelik besig om die oggendson te geniet en ons stop die bakkie op 'n veilige afstand in 'n skadukol.

Teen dié tyd herinner my maag my dat ek inderdaad 'n student is en ons eet gou iets en gryp 'n appel vir die volgende entjie se stap. Die pad lei ons van daar af reguit wes.

Ons kan al die bopunt van die berg sien, waar ek reken die koedoes op dié stadium behoort te wees. Die pad hou later op, maar ons beweeg steeds treetjie vir treetjie reguit wes, want ons verwag die koedoes enige tyd aan die ander kant van die kloof.

By 'n groot moepelboom stop ons eers. My pa, wat die rustiger een van ons twee is, kies om regsom die donker boom te beweeg. Vir my gebeur dit te stadig en ek gaan linksom. Ek stop dood in my spore. Aan die oorkant, ongeveer so 'n derde op teen die rand, staan drie rooibokrammetjies en knibbel aan 'n katjiepierung. Onmiddellik daarna sien ek 'n koedoevers. Soos dit nou maar met 'n mooi meisie is, weet ek sy sal nooit sonder geselskap wees nie. Ek sluk my oorhaastige trots en be-

weeg terug om by my pa aan te sluit en ek kry hom net daar waar ek hom gelos het. Ek kan die nuuskierige afwagting op sy gesig sien en ek vertel hom wat ek gesien het. Van hier af loop die meer ervare jagter, seker met rede, weer voor. My pa lei my stadig regsom. Dan skielik sien ons die bul waar hy in 'n oop kolletjie aan 'n koedoebessie staan en kou.

REG VIR DIE SKOOT

Op 'n redelike platterige stuk grond slaan ek my geweer se tweekoot oop en gaan lê op my maag, maar spring weer op om 'n orige grassie voor die loop af te breek. My pa kyk deur die afstandmeter – presies 270m. Ek maak die nodige verstellings aan my teleskoop.

Die bul trap effens af en kom agter die koedoebessie uit. My pa beduie dat ek kan skiet as ek reg is. Hy kyk nog effens weg van my, toe die skoot deur die kloof weergalm en die koeël agter die bul se blad tref. Die “doep”-geluid is duidelik hoorbaar en ek sien die stoffie opslaen. Toe gun ons eers die bul sy laaste tydjie.

DIESELFDE JAGVERHAAL HERLEEF

Ek kan sien hoe my pa se oë sy eie storie vertel... Dis weer die jaar 1993 en my pa is 'n student. Hy het min of meer in dieselfde paadjie afgekrui en van dieselfde kop en oor dieselfde kloof as ek, ook destyds 'n koedoebul geskiet. Ons altwee se koedoes is deur die hart geskiet.

Ons het die bul so 30 treë vanwaar hy gestaan het, gekry. Terwyl my pa gaan ekstra hande haal het, het ek solank 'n pad oopgekap sodat ons tot by die dier kon ry. 'n Draadtrekker, baie krag en bitter baie sweet het uiteindelik die pragkoedoebul gelaai gekry. Hy het 'n volle 196kg uitgeslag en sy horings het 54.5” gemeet.

My eie jagverhaal, nes my pa s'n, is vir altyd in my hart gegraveer en ek dra dit saam met my om dit saans, as ek my oë toemaak, weer te beleef. ☺

SAVUTI

Wapens & Ammunisie

Tel: 011 915 0138 / Tel: 011 915 0145

Carnival Centre, East Rand

Cnr Rangeview and Lawrence Rd, Brakpan

GPS: S26°15,061 E028°18,815

info@savutiarms.co.za www.savutiarms.co.za

Savuti Arms is on Facebook.



BESTELLINGS EN AFLEWERINGS LANDWYD - T's & C's Apply
POSTNET, RAM & COURIER GUY

DIE PUNTEWINKEL

Hierdie winkel is vir die herlaaier.

BERGER
BULLETS

Nosler
Bullets for Sportsmen



WINCHESTER

norma

DEDICATED SINCE 1902

SIERRA
The Bulletsmith



Hornady
Accurate. Deadly. Dependable.

Swift
BULLET COMPANY

RCBS

BARNES
OPTIMIZED FOR YOUR TARGET™

LAPUA

SIGHTRON



NIGHTFORCE



BURRIS



Nikko Stirling
OPTICS FOR SPORT, SINCE 1966



LYNX



HAWKE



VORTEX
OPTICS



SWAROVSKI
OPTIK

Dillon
Precision
Products, Inc.

REDDING

RELOADING EQUIPMENT

LEE RCBS
LEE PRECISION, INC.

BOYDS
HARDWOOD GUNSTOCKS

IAT-ONE
THE ADJUSTABLE GUNSTOCK

THE BULLET SHOP

This shop is for the reloader.



GUNSMITH ON SITE

Savuti
Import

Special imports
available on request.

For Stock availability and pricing contact Tyron@savutiarms.co.za

Visit our page <https://www.savutiarms.co.za/>

or Like us on Facebook www.facebook.com/savutiimports

'N LES IN BOSVARKJAG

'n Bosvark laat hom nie sommer jag nie!

"Kan jy my hoor?" kom die benoude roep oor die radio. "Praat maar, Andries."

"Kom kyk hier, die beeste, hulle is baie stukkend!"

By die kamp aangekom kry oom Louis drie van sy Bonsmara-koeie met snywonde aan hul ge-

sigte, kruise en agterbene. "Wat de hel gaan hier aan," wonder hy?

Hierdie het afgespeel op 'n doodgewone Bosveldoggend in September 2006, op oom Louis Meyer se plaas, Rooiboschbult, in die Sentrum-distrik. Min het ons geweet wat die volgende paar dae, weke en later maande

vir ons sou voorlê. Ons gedagtes het behoorlik bontgestaan oor dié onverklaarbare verskynsel.

OP DIE NOODLOTTIGE DAG

Die oggend het soos enige ander normale dag begin. Oom Louis se voorman, Andries, het sy rondtes by die beeste gedoen,

waar hy sou sout gooi, kyk of al die krippe vol water is, en die beeste tel. By die eerste trop beeste, vind hy egter drie koeie met snywonde en rapporteer hy oor die tweerigtingradio die verskriklike gesig aan oom Louis.

Oom Louis en Pikkie, my vrou, het inderhaas soontoe gejaag om die situasie te ondersoek. Die veearts is dadelik gebel om te kom help en ek het ook daar aangekom. Ons eerste gedagtes was dat aanvallers die beeste met pangas gekap het, want die snye was diep. Van die koeie se hakskeenseninge was ook af, wat ons nog meer laat vermoed het dat dit booswigte was. Ons het besluit om die teenstropings-eenheid by Marakele Nasionale Park te kontak om ondersoek in te stel. »

HOOFFOTO: Pieter by die "booswig" van 'n bosvark na hy uiteindelik daarin kon slaag om die vark se loopbaan tot 'n einde te bring.





FOTO BO EN REGS: Twee van die beeste se snywonde. Die een koei het 60 steke slegs in haar kop gekry; 'n ander een is behandel, maar die derde koei moes van kant gemaak word aangesien haar hakskeensening af was en dit nie sou genees nie.



» Die veearts het intussen gearriveer en die wonde begin toe-
werk. Die een koei het 60 steke
slegs in haar kop gekry; 'n ander
een is behandel, maar die derde
koei moes van kant gemaak
word aangesien haar hakskeens-
ening af was en dit nie sou
genees nie.

Die teenstropingseenheid
het die volgende vyf dae op die
plaas deurgebring om te kyk of
hulle enige leidrade of inligting
kon vind, maar nadat hulle 'n
paar ou strikke van die plaas
verwyder het, het hulle besluit
om te onttrek.

EN TOE GEBEUR DIT WEER

Weke het verbygegaan sonder
enige verdere insidente. Onge-
veer 'n maand ná die eerste
voorval roep Andries weer be-
noud oor die radio: “Die beeste
is weer stukkend!” Die veearts
word gekontak om nog drie
koeie te behandel. Twee kon
gered word, maar die derde een
se tong was afgeskeur en die
dier moes uitgesit word.

Nou maal dit in ons koppe.
Wat kon dié wonde veroorsaak
het? Leeu, luiperd, wildehonde,
hiëna? Enige van dié roofdiere
is daartoe in staat. 'n Voorstel
word gemaak dat ons Marakele
se navorsingspan kry om die

moontlikheid te ondersoek dat
wildehonde uit die park ontstap
het, en die span tel toe wel 'n
sein van honde twee plase ver-
der op. Dit kon dus wildehonde
wees, maar dit kon nie met
sekerheid gesê word nie.

Twee maande verloop en
dieselfde gebeure speel weer af,
met twee koeie wat dié keer
beseer is. So gebeur dit nog twee
keer waartydens 'n totaal van 11
koeie gewond is en twee van
kant gemaak moes word. Steeds
het niemand 'n idee gehad wat
die beserings veroorsaak het nie.

Een laat middag weerklink
Andries se stem weer oor die
radio, maar hierdie keer roep hy
benoud: “Die bosvark jaag die
beeste!” Pikkie het my dadelik
gebel en gesê ek moet my ge-
weer bring en die bosvark gaan
soek. Nie lank nie of ek en die
spoorsnyer, Alfred, was saam
met Andries op die vark se

spoor. Ongelukkig het die don-
ker ons ingehaai en moes ons
die soektog staak, maar min het
ek toe geweet dat ek die vol-
gende vier maande gaan klas-
loop in bosvarkjag.

'N PLAN VAN AKSIE

Ek, as vryskut-professionele jag-
ter, het onderneem om geen
jagtogte in die nabye toekoms te
reël voordat ek nie die bosvark
van kant gemaak het nie. My
eerste plan van aksie was om
die vark by die kraal, waar die
insidente plaasgevind het, voor
te sit. 'n Week lank word 'n paar
koeie saans daar toegemaak,
terwyl ek wag in 'n skuiling wat
bestaan het uit 'n dieseltank wat
middeldeer gesny en op 'n staan-
der gemonteer is. Ek word elke
aand teen skemertyd daar afge-
laai met 'n geweer, 'n lig, koffie
en iets vir die maag. Vir vyf aande
deurnag ek by die kraal sonder

enige sukses. Intussen het my
mieliemengsel – saamgestel uit
een sak heelpitmielies, vier Chi-
bukus (koringbier), vier pakkies
gis en louwarm water – lekker
begin fermenteer en kon jy dit
op 'n afstand ruik. Dit word dus
my roetine. Elke aand sit ek vars
kos vir die bosvark uit en elke
oggend doen ek inspeksie, maar
'n week later was daar steeds
geen tekens van enige bosvark
nie. Ek het begin moed verloor,
want dit was uiters belangrik dat
ek die vark skiet, maar meer
ervare jagters met wie ek gesels
het, het my aangemoedig om net
aan te hou voer en moed te hou.

Ongeveer twee weke nadat
ek begin voer uitsit het, sien ek
vir die eerste keer 'n bosvark-
spoor en 'n lang haar wat aan
die voerbak vassit. Reg... hier-
mee kan ek werk! Ek besluit toe
om 'n takskuiling te bou waarin
twee persone kan sit en dit so
60m windaf te plaas. Die hoe-
veelheid voer wat uitgesit word,
word ook verhoog.

EERSTE PROBEERSLAG

Na 'n maand se voer besluit ek
en Alfred om een aand met 'n
geweer en lig by die skuiling te
gaan sit. Dit was al so 'n uur
lank stikdonker toe ek blare en
takkies hoor breek. Die vark
was oppad en my hartklop het
die hoogte ingeskiet... ek het
besef vanaand is dalk die aand!
Die volgende oomblik was daar
'n gesnuif en 'n helse lawaai in
die bos soos die dier weghard-
loop. Ek het besluit dat ons maar
nog gaan sit, en ongeveer 'n uur
het verbygegaan voor ek weer
takkies en blare hoor raas. Ek
en Alfred het doodstil geraak en
nie geroer nie – al wat ek kon
hoor was my eie hartklop. Toe
hoor ek die bosvark by die voer-
bak. Ek het met die geweer aan-
gelê en vir Alfred instruksies
gegee om die lig aan te sit.

“Flippit, maar hy is vinnig!” is
al wat ek vir Alfred gesê het.
Voordat ek nog die kruishaar op
die vark kon sit, was hy al deur
die kraal se drade. Die volgende
aand begin ek weer met dieself-
de roetine as die vorige maand
s'n, en vir 'n week lank was daar
geen teken van 'n bosvark nie.

Gelukkig was my bosvarkmengsel hoog in voorraad en ek het aangehou voer.

SAAM MET 'N JAGMAAT

Intussen kry ek 'n e-pos uit Amerika van 'n ou vriend wat op kort kennisgewing Suid-Afrika toe wil kom vir 'n jaggeleentheid. Vinnig word die bosvarkverhaal aan hom vertel. Ek het die jag aan hom voorgestel en hy was entoesiasies oor die geleentheid. Hiermee het ek my tweede asem gekry, want hierdie bosvark was besig om my 'n paar lesse te leer.

My vriend Kevin het ongeveer drie weke later aangekom. Die bosvark het gelukkig weer versot geraak op my mieliebrousel en die tweede aand van Kevin se besoek, gaan sit ons in die skuiling. Sommer gou hoor ons die bosvark... hy was oppad en ons het in spanning gewag dat hy sy kos uit die bakke gooi. Ek het Kevin 'n druk op sy been gegee as teken om aan te lê. Toe

ek die lig aansit, klap die skoot, maar dis net stof waar jy kyk soos die vark weghardloop. Kevin was nie baie ingenome nie – hy het vir die kop gemik en die skoot was mis. Die bier oppad huistoe was ekstra bitter gewees.

TERUG NA PLAN "A"

Nadat Kevin terug is Amerika toe, het ek maar weer my roetine hervat met die voerdery. Heelwat tyd het verloop voordat die bosvark weer begin vreet het. My gedagtes het oortyd gewerk om 'n plan te maak wat sal verseker dat my volgende probeerslag suksesvol is, en dis toe dat ek die idee kry om 'n semi-permanente lig aan die naaste boom te hang sodat die bosvark gewoon kan raak aan die lig. Ek het 'n ou verfemmer geneem en foelie aan die binnekant geplaas vir weerkaatsing, tesame met die gloeilamp wat aan 'n 12V-battery kon koppel. Elke aand wanneer ek voer uit sit het ek 'n vars battery gekop-

pel, sodat daar lig was vir solank as wat die battery hou. Soos die vorige kere het dit ongeveer vyf aande geneem nadat ek die lig gehang het, voordat die bosvark weer begin vreet het.

Ek het hom genoeg kans gegee om daaraan gewoon te raak, en een Saterdagmiddag besluit ek toe dat die tyd reg was. Ek en Alfred is weer by die skuiling afgelaai met die hoop dat dié aand die aand gaan wees. Ons het geduldig gewag, maar twee ure na sy normale besoektyd was daar nog geen teken van die vark nie. Ek wou net vir Pikkie laat weet om ons te kom haal toe Alfred iets agter ons hoor. "Vrek, die vark is slim!" het ek gedink, "hy kom windop". Die bosvark het een snuif in die lug gegee en toe is hy weg. Ek het besluit om nog 'n halfuur te wag en dan my tasse te pak, maar nie eens tien minute later nie verskyn hy uit die donker en loop die ligkring binne. Steeds was my geduld getoets; die vark het my

geen kans op 'n skoot gebied nie. Die minute het verbygegaan en die volgende oomblik het hy dwars gedraai. Voordat hy my nóg 'n les kon leer, klap die skoot. Dit was net stof oral, maar dié keer was dit stof wat die vark opgeskop het van die kopskoot wat hom toegedien is. Ek en Alfred het met oorgawe nader gehardloop om seker te maak hy spring nie op nie, maar nee wat, sy dae was getel. Met 'n sug van verligting het ek die goeie nuus oor die radio met oom Louis gedeel.

Tot vandag toe kon ons nie bepaal waarom die bosvark die beeste aangeval het nie. Al die aanvalle het slegs een keer per maand rondom volmaan gebeur. Met nagedagte het ons bepaal dat die snye op die beeste se kruise slegs kon gebeur het wanneer die koeie gelê het en die snye op hulle koppe was toe hulle hulself probeer beskerm het.

Verseker was hierdie bosvarkjag my "poor man's leopard hunt" 🐾

ARMTEC SYNTHETIC STOCKS

P. O. Box 20481, Noordbrug, 2522 (Potchefstroom)
Chris 082 853 7134, Office (Daleen) 083 531 5860
Fax 0866 284 893 • www.armtec.co.za



Manufactured from multi-layered fibreglass cloth, laminated under pressure and filled with hi-tech composite materials. Finished in non-slip, chip-resistant epoxy coating. Available for Lee-Enfield, P14 and Brno.

Custom-built stocks for all other makes.

WE ALL WANT MORE PERFORMANCE.

Now you can get it with a K&N high-flow air filter, designed to increase horsepower for your vehicle with up to 50% more airflow. Order yours today, spend five minutes under the bonnet and you're good to go. www.nicksracing.com
+264 61 216884



K&N
SUPERIOR AIRFLOW.
SUPERIOR PERFORMANCE.™


EURO-VATO

SUPPRESSORS AND MUZZLE BRAKES

100% Titanium

ULTRA-LIGHT ACCURATE DURABLE EFFECTIVE

Euan 082 556 5474 // www.euro-vato.co.za // info@euro-vato.co.za



Amanda:
076 720 5853
sub@maphefosigns.co.za
@Maphefosublimation
www.maphefosigns.co.za

MAP Sport

FULLY SUBLIMATED FROM TINY TO HUGE SIZES

GOLFERS: FROM R2270
T-SHIRTS: LONG & SHORT SLEEVES FROM R1250
WE ALSO MAKE! FISHING SHIRTS FROM R1250

WINDBREAKERS: FROM R420
JACKETS: FROM R750
HATS: CAN BE CUSTOMISED WITH YOUR LOGOS & NAMES

Where Ideas and Designs come to life



Bly gehidreer met die Slim Hydro Backpack



Sniper se Slim Hydro Backpack oftewel waterrugsak, is duursaam, prakties en regtig lig om te dra.

'N mens weet nooit hoe 'n dag in die veld gaan uitdraai nie, en voor jy jou oë uitvee is die lemoen in jou rugsak of waterbottel aan jou sy nie genoeg om jou gehidreer te hou nie. Nou is jou fokus nie meer op die jag nie, maar op hoe dors jy is en daardie lekker koues wat by die kamp wag.

Ek het al deur die jare verskeie maniere probeer om te sorg dat ek genoeg vog in my lyf kry tydens 'n jag – van waterbottels aan my sy en boksies koeldrank in my broeksakke dra tot naartjies en lekkers. Maar nadat ek die eerste keer 'n waterrugsak gebruik het, het ek dadelik die waarde daarvan besef en nooit weer teruggekyk nie.

Met waterrugsakke is dit, soos met die meeste ander dinge, 'n geval van goedkoop koop is duur koop. Dié les het ek op die harde manier geleer tydens 'n jag teen die Botswana-grens vroeg een Desember. Die binnesak (of *bladder*, soos hulle dit noem) het nie behoorlik gewerk nie en ek is in die hitte sonder water agter 'n rooibokram of twee aan. Ek het daarna dieselfde ondervinding met ander soortgelyke waterrugsakke gehad en toe besef dat kwaliteit baie belangrik is as jy besluit

om 'n waterrugsak te koop.

Sniper Africa het onlangs vir my hul nuwe Slim Hydro Backpack met die binnesak gegee om te toets. Iets wat ek teen hierdie tyd weet van Sniper-produkte is dat die gehalte en prys altyd goed is. En dit was ook die geval met hul waterrugsak.

Die ruksak self het my baie beïndruk, veral die klein kompartement voor wat groot ge-

noeg is vir wanneer jy steeds 'n nartjie en meer wil saamvat. Binne dié kompartement is drie kleiner sakkies wat met ritssluiters toemaak. Dis baie handig om los goedjies in te bêre sonder dat dit teen mekaar skud terwyl jy in die veld beweeg.

Die binnesak (*bladder*) kom, soos by ander watersakke, in sy eie sak agter in die rugsak wat mooi stewig toemaak en glo my,

'n doring gaan nie naby hom kom nie. Die pypie waardeur jy drink kan links of regs langs die skouerbelt gevoer word tot binne jou bereik. Voorop die rugsak is 'n verstelbare rekband waar jy 'n warm ding kan vasmaak sou dit later in die dag 'n bietjie warmer word.

Die rugkant van die rugsak is aan die regter- en linkerkant opgestop vir dragemak met 'n gleuf wat in die middel van bo tot onder strek. Dit sorg dat daar ventilasie is en jou rug nie sweterig raak nie – 'n groot pluspunt. Ek het al heeldag in die hitte geloop met sakke wat nie ventilasie gehad het nie en dit kan onaangenaam raak.

Die waterrugsak is van 'n skeurvrye seil-tipe materiaal gemaak wat baie sterk maar ook lig is. Ek was die afgelope paar maande 'n paar keer daarmee in die bos en niks kon hom beskadig nie. Hy is ook so lig dat selfs met die binnesak vol water jy skaars van hom weet.

As jy al ooit 'n waterrugsak gehad het, sal jy weet dat die binnesak die heel belangrikste deel is en ek kan met alle eerlikheid sê dat Sniper s'n 'n baie positiewe indruk op my gemaak het. Die feit dat hy aan die bokant 'n handvatsel het wat heeltemal



oopskuif is fantasties, nie net vir wanneer jy die sak vol water maak nie, maar ook as jy hom wil skoonmaak. Jy kan jou hele hand daarin druk en die *bladder* mooi oopgespan los om droog te word voor die volgende jag. Die handvatsel skuif ook toe en seël wanneer die sak vol water is.

Soos ander waterrugsakke se binnesakke het dié een ook 'n prop voor, maar ek het dit nooit gebruik nie, want die oop- en toemaakstelsel bo-op die sak is net soveel geriefliker as om hom halfpad uit die rugsak te moet haal om by die prop uit te kom.

Die binnesak neem 2.5 liter water. Ek het al op 'n keer 35km met die sak op my rug in die veld gestap en dit was meer as genoeg water vir my.

Die suigpypie is net so prakties. Aan die drinkkant is 'n klep wat jy oop en toe draai. Dus hoef jy nie te byt of enige ander truuks

te doen om die water uit te suig nie. Jy draai die klep oop, neem 'n paar slukke en draai dit weer toe. Ook dié pypie is maklik om skoon te maak. Jy maak hom heelmaal los van die sak en spoel hom uit.

Die Slim Hydro Backpack is loshande een van die beste waterrugsak-en-binnesakkombinasies wat ek nog ooit gebruik het. Indien jy in die mark is vir 'n waterrugsak stel ek voor dat jy Sniper s'n bo aan jou lys van opsies sit.

Die rugsak se prys begin by R775 en die binnesak by R285. Dis beskikbaar in olyfgroen, ligbruin en swart, asook Sniper se baie bekende 3D- en Shadows-kamouflépatrone.

*Besoek hul webwerf by www.sniperfriconline.com vir meer inligting of kontak hulle direk by 011-834 1289/4656 om te hoor waar jou naaste handelaar is. 📍



FOTO LINKS EN REGS:

Die Slim Hydro Backpack se binnesak (*bladder*) het 'n handvatsel bo wat oop- en toeskuif. Dit is baie handig as jy die sak wil vul of skoonmaak.

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:

Jacques Boshoff Tel: 012-485-9357 | Sel: 079-528-8793 | E-pos: jacques.boshoff@media24.com

JAGTERSMARKVORM | HUNTERS MARKET FORM

Die advertensie sal verskyn onder JAGTERSMARK/HUNTERS MARKET.

**JAGTER
HUNTER**

MEDIA 24

ADVERTENSIE: KIES EEN (X)

A = R355 - 20 woorde (opskrif uitgesluit) - *Net bewoording*

B = R1 080 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 105mm Hoog

C = R635 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 50mm Hoog

Die sluitingsdatum vir die advertensies is 30 dae voor die volgende maand se uitgawe.

Geen advertensie sal geplaas word sonder 'n volledig voltooide aansoekvorm en betaling nie.

Pryse is BTW ingesluit. Rates are VAT included.

ADVERTENSIE VIR:

		(maand)
tot		(maand)
Bedrag inbetaal	R	

BANKBESONDERHEDE: Media24 Die Burger | ABSA | Rekening: 0550000059
Takkode nodig vir elektroniese inbetalings: 632005

Gebruik u Media24-rekeningnommer as verwysing, indien u een het. Andersins, naam en van of in die geval van 'n besigheid, die besigheid se naam.

E-POS BEWYS VAN BETALING NA: jacques.boshoff@media24.com

KATEGORIE/CATEGORY: KIES EEN/CHOOSE ONE (X)

JAGGELEENTHEDE/ HUNTING OPPORTUNITIES		TE KOOP/ FOR SALE		GESOEK/ WANTED		DIENTE/ SERVICES		ANDER/ OTHER	
--	--	----------------------	--	-------------------	--	---------------------	--	-----------------	--

BEWOORDING VIR ADVERTENSIE :

OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:

Jacques Boshoff | Sel: 079-528-8793 | E-pos: jacques.boshoff@media24.com

**JAGGELEENTHEDE |
HUNTING OPPORTUNITIES**

**LASARUS GAME FARM,
ALBERTINIA/RIVERSDALE**

Best hunting farm in the Western Cape. No hidden costs.
Rifle/bow/biltong/trophy hunt.
Full/self-catering.
45 species.
Owner is a professional hunter and outfitter.
082-443-1147/082-448-3975
www.lasarusgamefarm.co.za
info@lasarusgamefarm.co.za

**JAGGELEENTHEDE –
AUCH MACOY**

Agt kilometer buite Bloemfontein. Agt jagspesies.
Selfsorgeenhede.
Slag- en koelkamergeriewe.
Skakel Davin: 079-870-0499
of Maryke: 051-407-6938
marykeb@satb.co.za

**THABAZIMBI
BUSHVELD HUNTING**

Quality hunting with lots of game.
Rifle and bow hunting.
Self/full-catering.
Family/Corporate groups welcome.
Phone/SMS/WA:
083-627-0350
Email: office@limcroma.com

**KALAHARI-JAG
MCCARTHY'S REST**

200km noord van Kuruman,
7km voor Botswana-grens.
Vir pryslys en meer inligting,
kontak Fernando:
082-224-5000
mabuabookings@gmail.com

**KEWULANE SAFARIS – VRYHEID,
KWAZULU-NATAL**

Toegeruste kamp vir 12 jagters.
15 spesies beskikbaar.
Slag- en koelgeriewe beskikbaar.
Pryslys en navrae:
E-pos: lidia@secutech.co.za
083-777-6548

DIENTE | SERVICES

**QUINTIN JORDAAN
ATTORNEYS**

Firearm licence and firearm appeal applications (100% success rate).
Also sequestration and liquidation applications.
Phone: 082-805-0674 (Pretoria)

**JUST MOTIVATIONS –
R350**

Custom firearm motivations.
100% success rate.
Afrikaans/English.
SMS email address to
082-567-8437 Johan Justus,
retired SAPS Colonel.



Foto Nic de Bruine

TE KOOP | FOR SALE

FOR SALE

CZ .375 H&H with Zeiss scope and Nielsen silencer for sale. Included are 100 cartridges and 50 empties. R20k.
Contact number:
083-455-2923



WELCOME TO SRS AND OPTICS

Manufacturer of
Premium Rifle Stocks



SKAAPBOER
KOLWE



PROFESSIONAL OPTICS



SRS and Optics stocks
a wide range of
Professional Optic Solutions

Johann: 082-410-6827

Email:

wjff0824106827@gmail.com

www.srsandoptics.co.za

**Adverteer
Advertise**

in



Jacques Boshoff
Sel: 079-528-8793
[jacques.boshoff@
media24.com](mailto:jacques.boshoff@media24.com)

Ronnie Robbertze
Sel: 072-223-0533
[ronnie.robberitze@
media24.com](mailto:ronnie.robberitze@
media24.com)

Fullfield™

GAME-CHANGING RIFLESCOPES

For even more magnification and precise holdover estimation, the 6-24x50mm has increased 6x magnification and three reticle options built on a 30 mm tube for long-range shooting activities.

Available with three reticle options, including the Ballistic 3, this is the only Fullfield model to feature the Fine Plex and SCR MOA reticles.



FULLFIELD III™ 4-16x50 mm BALLISTIC E3

- Large 50mm objective for better light transmission
- Available with dedicated 6.5 Creedmoor reticle
- Side parallax adjustment

FULLFIELD IV™ 6-24x50 mm

- Ideal for long-range target shooting
- Choice of three precision reticles
- Side parallax adjustment

FULLFIELD IV™ 2.5x10x42 mm

- Wide field of view
- Rugged, lightweight design
- Finger adjustable windage/elevation turrets

AVAILABLE IN THE FOLLOWING MAGNIFICATIONS



Available at all participating dealers. Contact Inyathi to locate your nearest dealer.